Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 6
Junie 2003

MAKSIMUM MAN

Daar is deesdae hoop vir Christenmans.
As jy na die Christelike boekwinkel gaan, kan jy ten minste sewe of agt boeke koop wat jou goeie raad sal gee oor hoe om 'n sukses te maak van jou Christenskap en meer spesifiek jou manwees.
Een van die boeke het die treffende titel 'maksimum man'.
Dit is treffend omdat dit die verwagtings weergee wat deesdae aan Christenmans gestel word.
'n Christenman moet 'n wenner wees.
Hy leef die lewe maksimaal.
Hy is dinamies en suksesvol in sy beroep maar hy bly nederig.
Hy werk kliphard maar hy skeep sy gesin nie af nie.
Hy het 'n maksimum beursie maar hy gee mildelik aan die kerk en aan die armes.
Hy is 'n maksimum eggenoot en hy het maksimum seks, dog slegs met sy eie vrou.
Hy is maksimum gelowige en sy verhouding met Jesus is vir hom die belangrikste in sy lewe.
Leef jou Christenskap uit, broeder.
Jy is 'n wenner!

As 'n man so 'n boekie gelees het, is daar 'n paar moontlikhede. Of jy begin baie hard probeer om 'n maksimum man te word, of jy besluit om nie eers te probeer nie omdat dit in elk geval 'n onbereikbare ideaal is.
Die meeste van ons is maar bra middelmatig. Daar is min Christenmans wat kan getuig dat hulle 'n maksimum verhouding met Jesus het, en wat bowendien èn by die werk èn by die kerk èn by die huis as dinamiese mans beskryf kan word.

Die vraag is egter of hierdie benadering die regte een is. Is daar dan in die Bybel maksimum mans wie se voorbeeld ons kan navolg?
Dit is interessant dat, wanneer die Bybel positiewe getuienis gee oor gelowige mans, hierdie mans in hulle swakhede aan ons voorgestel word. Paulus praat liewer glad nie oor homself nie, en as hy moet, praat hy oor sy swakhede, sy siektes en sy teëspoed (2 Kor. 12). Paulus stel homself as 't ware liewer as 'n *minimum* man voor, sodat die genade van God in sy lewe maksimaal duidelik na vore kan kom.
Daar is by gelowige mans in die Bybel 'n besef van afhanklikheid van God se genade. God se krag word in swakheid volbring.

Die enigste maksimum man in die Bybel is Jesus Christus, en die enigste troos vir Christenmans is dat hulle herskep word na sy ewebeeld.
So beskou is daar dus tog hoop vir Christenmans!

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Christenman

- **Die man as eggenoot .. 3**
- **Die afwesige vader 5**
- **Vaders en seuns 7**
- **Pornografie 9**
- In memoriam: Ds W Boessenkool 2
  "Want dit was sy liefde en groot begeerte om as Bedienaar van die Goddelike Woord te kon funksioneer."
- Oefening in godsvrug 11
- Blywende betekenis van die Bybel 13
- Opvoeding in genade 15
- Irak 17
- Minister Asmal en godsdiensonderig 19
- Vrouesaamtrekdag 20

IN MEMORIAM: DS W BOESSENKOOL

Ds. Jopie van der Linden

Dit kan nie anders nie as dat ons as Vrye Gereformeerde Kerke ook ‘n *In memoriam* het van Ds W Boessenkool! Vir soveel jare mog hy deur die genade van die Here in baie breë verband werk in ons kerke doen. Daarom dat ons ook saam in herinnering bring en die Here dank wat Hy vir ons in Ds Boessenkool gegee het.

Allereers was sy liefde vir sy vrou, kinders en familie opvallend. Hoe kon hy geniet om van hulle te vertel! Selfs van al sy kleinkinders het hy al die nuutste verwikkelinge geken. Tot aan die einde van sy lewe was die normale klein dingetjies wat hy nog met sy vrou kon doen, dinge waarvoor hy die Here so diep kon dank. En so het ons hom ook geken, as ‘n man wat die eenvoudige dinge in die lewe kon ervaar as die grootste gawes van sy Hemelse Vader.

Die Here het hierdie dienskneg van Hom groot lewenskrag gegee. Daar was ‘n onuitblusbare ywer vir die diens van die Here. Ons dink aan die naweke wat hy Kaapstad uitgehelp het in die tye wat hulle vakant was. Niks was te veel gevra nie! Alles kon nog in die program ingepas word.

Op hoë ouderdom het ons hom hulp sien gee aan die gemeente van Pretoria, asook in Australië en Amerika. Want dit was sy liefde en groot begeerte om so as Bedienaar van die Goddelike Woord (Ds Boessenkool sou dit in latyns sê: *Verbi Divini Mininster*) te kon funksioneer.

Maar ook op ander maniere wou hy God se kerk en koninkryk bou. By die *Werksgemeenskap vir reformasie* was hy die een wat altyd eerste ‘n opdrag ontvang het om ‘n lesing voor te berei. Hy het ook jare lank in tale klas gegee by die Baptiste Seminarie. Maar meeste nog het sy liefde vir die sending uitgestaan. Self was hy baie betrokke by die sendingwerk onder die Indiërs wat deur die gemeente van Johannesburg as sendende kerk gedoen is.
En ook al kon hy in die laaste jare nie meer regtig orals betrokke wees nie, het sy belangstelling, meelewe, en voorbidding gebly. Na die laaste klassisvergadering moes ek nog spesifiek op besoek om alles aan die bedlêende Ds Boessenkool te vertel.

Hoe graag hy ook nog altyd wou bly preek, uiteindelik was sy grootste begeerte tog om in die huis van die Here te kon wees. Ook in sy lewe kon hy altyd baie konkreet wys op die hand van die Here in sy lewe. En daarvoor *moes* hy sy God loof in sy heilige paleis! Deur al die moeilike tye, tye van vereensaming onder kollegas, van moeites in die gemeente en kerkverband, deur alles heen het hy vasgehou aan God se trou en goedheid. In die vaste wete dat God nie aan sy kinders uitdeel volgens dit wat hulle hier op aarde kon bereik, of volgens die toekoms wat hulle vir hulleself hier op aarde oopgebreek het nie, maar volgens wat Vader in sy grote rykdom en goedheid aan sy kinders as erfenis wil gee. Hoe mooi kon ons as laaste nog daaroor praat: dat God die erfenis en die erfegenaam bewaar (1 Petr 1:4-5). In *díé* vertroue, vrede en vreugde het hy ook gesterf: *Alles* is in Vader se hande veilig en goed. En daarom:

God is my lied, my psalmgesang,
U was dit wat my heil bewerk het,
Dus loof ek u my lewe lank!
Ook deur die dood heen! ¤

Gebore: 31 Augustus 1924

Huwelik: 24 November 1948

Predikant:
Middelstum (1948-1951)
Capelle a/d Ijssel: (1951-1957)
Predikant vir seevarendes (1957-1960)
Johannesburg (1960-1989)

Emeritaat: 1 Oktober 1989

Oorlede: 22 Mei 2003

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser (eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

DIE MAN AS EGGENOOT

Ds. C. Kleijn

TEMA: CHRISTENMAN

Die Bybel noem die man die hoof van sy vrou. Die woord hoof spreek van gesag en verantwoordelikheid. In die huwelik het God die man gesag oor sy vrou gegee. Hoe moet ons dit verstaan? Beteken dit dat die man op sy eie kan besluit wat hy nodig ag en wat hy wil doen? Is daar dan nog wel ruimte vir die eie gevoelens en wil van die vrou?

SELFOPOFFERENDE LIEFDE

Wat noem Efesiërs 5 as die basiese roeping van die man teenoor sy vrou? Nie om oor haar te regeer nie, maar om haar lief te hê. “Manne, julle moet jul eie vroue liefhê.” In daardie gedeelte herhaal Paulus dit drie keer. Die hoofskap van die man impliseer inderdaad leierskap en gesag, maar dit moet deur die liefde gekenmerk word. Paulus gebruik twee vergelykings om die man se liefdevolle sorg vir sy vrou te illustreer. Eerstens moet die man sy vrou liefhê soos Christus sy gemeente liefgehad het (5:25-27). Tweedens moet die man sy vrou liefhê soos hy homself liefhet (5:28,29).

Christus word as model aan die mans voorgehou. As man moet ek sy liefde weerspieël. ’n Baie moeilike saak. Probeer maar om soos Christus vir jou vrou te wees. Die hoogste standaard van die liefde word ons voorgehou. Paulus gebruik vyf werkwoorde om die liefde van Christus vir sy kerk te teken. Christus het sy gemeente liefgehad. Hy het Homself vir haar oorgegee. Hy wil haar heilig. Hy wil haar reinig. Hy wil haar in heerlikheid voor Hom stel.

Liefde is dus: myself oorgee soos Christus. Ek is bereid om baie vir my maat op te offer. My tyd, my geld, my sport, my vriende, my stokperdjies, ja, my lewe. Ek is daar tot haar beskikking. Dit beteken nie dat ek myself heeltemal wegsyfer nie. Dat ek altyd die wil van my maat doen nie. Dit beteken nie dat wat ek dink, wil of voel nie meer belangrik is nie. In so ’n geval sou my maat niks aan my hê nie. Ek sou dan ’n slaaf wees en nie ’n liefdevolle hoof nie. As man moet ek juis met my gawes, as leier, volkome aan my vrou diensbaar wees. Liefde is myself oorgee soos Christus.

Waarom het Christus Homself vir sy gemeente oorgegee? Omdat sy so aantreklik was? Nee, maar juis om haar aantreklik te maak. “Om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks.” Die Here wil iets spesiaal van ons maak, ’n koninklike priesterskap, ’n heilige volk. Hy wil ons voor Hom kan stel, sonder gebrek, ’n mooi bruid waarop Hy trots kan wees. Hy kan nie wag om haar voor Hom te stel in volle glorie nie.



So moet dan ook die man vir sy vrou wees. As hoof van my vrou wil ek nie haar gevoelens en wil versmoor nie. Ek wil nie haar ontwikkeling in die pad staan nie. Inteendeel. Ek wil juis alles doen om haar te bevry van die dinge wat haar minder gaaf maak. Ek wil haar help om haar volle potensiaal te bereik in diens van God en die naaste. Ek wil sien dat sy blom, dat sy gelukkig en mooi is, ’n vrou waarop God en mens trots kan wees.

Dikwels ontvang mans die vrou wat hulle self gemaak het. Ek kan in ’n sekere mate my vrou maak of breek. Ek kan haar mooi en gelukkig maak, maar ook lelik en ongelukkig. As ek my vrou voortdurend as minderwaardig behandel dan sal sy uiteindelik haarself ook as minderwaardig beskou en gedra. As jy gereeld genoeg sê: jy kan niks en jy is niks nie, dan sal jy sien dat sy met die tyd inderdaad ook amper niks kan doen nie. As ek haar egter positief bly benader en bemoedig, sal sy juis groei en bloei. As ek haar soos ’n koningin behandel dan sal sy soos ’n koningin wees.

In die huwelik gaan dinge dikwels verkeerd vanweë die selfsugtigheid van een of beide eggenotes. Hulle soek dan hul eie persoonlike geluk en bevrediging. So 'n huwelik sal uiteindelik baie onbevredigend wees. Die geheim van 'n goeie huwelik is immers om in self-opofferende liefde die geluk van jou huweliksmaat te soek. Deur te gee, te gee, en nogmaals te gee ontvang 'n mens meestal ook baie terug. Maar deur te eis, deur te staan op eie regte, bly 'n mens uiteindelik onbevredig.

So gaan dit met die man wat outoritêr optree en sy vrou op 'n harde en ongevoelige manier regeer. Daar is geen ware liefde nie. Gehoorsaamheid word geëis. Die vrou word misbruik en verneder. Sy word verhinder om te groei na 'n gelukkige en volkome mens. Dit het niks te doen met die hoofskap van die man waaroor die Bybel spreek nie. Dit is eerder 'n vloek as gevolg van die sonde. Wil jy, man, hê dat jou vrou aan jou onderdanig is soos die gemeente aan Christus? Dan moet jy haar liefhê met 'n selfopofferende liefde soos Christus sy gemeente liefgehad het.

Dis 'n natuurlike verskynsel dat mense hulself liefhet. Behalwe enkele uitsonderings, probeer ons almal die beste vir onsself te soek. Dieselfde houding moet ek teenoor my vrou hê. Sy is immers 'n deel van my, vlees van my vlees. Na my huwelik met haar is ons nie meer twee nie, maar een. Paulus skrywe: "wie sy vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente." Is dit wat ek met my wederhelf doen sodat sy haar gelukkig kan voel en kan blom?

MET BEGRIP

Petrus roep ons op om verstandig met ons vroue te lewe en aan hulle eer te bewys (1 Petr. 3:7). Manne moet begrip en eerbied vir hul vroue toon. Petrus praat letterlik van kennis. Ek moet my vrou goed ken en volgens die kennis optree. Ken ek my vrou werklik? Ook haar "verborge mens"? Dit kom nie vanself nie. Daarvoor moet ek wel aandag vir haar hê, 'n oop hart, oop oë en oop ore.

Soms gebeur dit dat die man nie eers weet dat sy vrou haar ongelukkig voel nie en as hy dit wel verneem dan verstaan hy niks daarvan nie. Hy sorg tog goed vir haar. Materieel gesien ly sy geen gebrek nie. Inteendeel. Waarom dan die ongelukkigheid? Miskien is die man amper nooit by die huis nie. Hy is dan besig met sy werk, vir die amp of met sy stokperdjies. Of hy trek hom gewoon terug op homself. Miskien is hy wel by die huis maar praat hy nie werklik met sy vrou nie, of dit nou gaan oor persoonlike dinge of oor dinge van gemeenskaplike belang, soos die opvoeding van die kinders. Hy is dan wel fisies aanwesig, maar staan emosioneel op 'n afstand. Sy vrou is eensaam en ongelukkig omdat sy die gevoel het dat haar man nie werklik belang in haar stel nie, haar in haar diepste gevoelens nie ken nie en daarom ook nie met haar gevoelens rekening hou nie.

Niemand wil graag misverstaan word nie. Dis een van ons mees ellendige ervarings. Die vrou wie se man weet wanneer om sy arm om sy vrou te slaan en eenvoudigweg by haar te gaan sit, sal ongetwyfeld voel dat sy verstaan word. Soms is dit die mees verstandige en taktvolle ding om te doen. Daarvoor is ware liefde nodig, aandag en tyd vir mekaar. Die liefde wat werklik belangstel in die ander maak immers fyngevoelig. Sonder woorde voel jy dan aan hoe jou maat haar voel en wat van jou op daardie oomblik verwag word.

Net wanneer ek my vrou werklik ken, ook haar innerlike gevoelens, kan ek haar begryp en waardeer. Sy is kind van God met haar eie gawes en swakhede. Sy is soos ek 'n persoon wat daagliks stry teen die swakheid van haar geloof en die sondige begeertes van haar vlees. Ek is deur God aangestel om haar daarin te help en aan te vul. Om dit wat goed is te versterk. Hoe dikwels prys ek haar vir wie sy is en wat sy doen? Ook om haar te help om haar swakhede te oorwin. Christenmans soek immers soos Christus die volmaking van hul vrouens, dat hulle hul volle potensiaal bereik in diens van God en die naaste? Dat hulle mooi en gelukkig kan wees?

Die man wat geroep is om leiding te gee, doen daar verstandig aan om in alle opsigte met sy vrou rekening te hou. Sy is vir jou 'n gawe van God, die hulp wat jy nodig het. Sy het oë wat dinge sien wat jy nie sien nie, 'n verstand wat informasie vanuit 'n ander perspektief verwerk, 'n hart wat dinge aanvoel wat jy nie aanvoel nie en 'n persoonlikheid met sterktes wat jou swakhede kan neutraliseer. Dit 'n ingeboude beskerming en hulp vir jou. Daarom, ken haar in alles wat jy doen en besluit. Skakel haar volledig in wanneer jy leiding gee aan jou gesin en huishouding. Doen dinge saam. Luister met 'n oop gemoed na haar voorstelle of opbouende kritiek. Dit kan jou behoed vir dwase en skadelike besluite. Laat jou vrou so wees wat God wil hê dat sy sal wees: 'n hulp wat by jou pas. Alleen so kan jy wees wat jy behoort te wees: 'n hoof wat liefdevolle en wyse leiding gee. ¤

DIE PROBLEEM VAN DIE AFWESIGE VADER

Dr. AJ de Visser

TEMA: CHRISTENMAN

"Vader word is 'n guns, vader wees is 'n kuns."
Dit is 'n ou waarheid wat vandag nog net so aktueel is. Miskien het vader wees selfs moeiliker geword as voorheen, want ons mans leef in 'n veeleisende samelewing. Baie mans se programme is so vol dat hulle nie genoeg tyd het om hul vader wees te beoefen nie. Ons sit derhalwe met die probleem van 'die afwesige vader'.

Vooraf net die volgende: Ons praat in hierdie artikel nie van die mans wat vanweë werksomstandighede vir lang periodes nie by hulle gesin kan wees nie. Ongelukkig gebeur dit soms dat 'n man noodgedwonge 'n werk moet aanvaar wat tot gevolg het dat hy weke lank nie by sy gesin kan wees nie. Hierdie situasie plaas dikwels 'n groot las op die vrou wat allerlei verantwoordelikhede alleen moet dra.

In hierdie artikel fokus ons egter op die mans wat wel die voorreg het om elke aand by die huis te kan kom, maar wat dit tog baie moeilik vind om werklik goeie aandag aan hulle gesin te gee en hulle vaderrol te vervul. Daar is baie mans wat wel elke aand by die huis slaap, maar wat tog vir alle praktiese doeleindes 'afwesige vaders' is.

Die belangrikste oorsaak vir hierdie probleem is ongetwyfeld die veranderings in die samelewing. As 'n mens die samelewing van vandag vergelyk met die een van honderd jaar gelede, is daar duidelike verskille. 'n Honderd jaar gelede was die samelewing so dat pa's gewoonlik baie meer tyd met hulle kinders kon deurbring as wat vandag die geval is. Die gesin het byvoorbeeld op 'n plaas gebly, die seuns het saam met pa op die lande gewerk, en die dogters het ma in die kombuis gehelp. Of die pa het miskien 'n ambag beoefen of 'n winkel gehad, en die kinders moes inspring en help. Dikwels het 'n man sy werk rondom of naby die huis gedoen, en die kinders het onder die oog van hulle vaders opgegroei. Daar was baie geleenthede dat die vaders kon deelneem aan die opvoeding van die kinders. Hierdie tipe saamleef van pa's en kinders sal jy vandag nie maklik meer kry nie. Die meeste mans werk nie meer by die huis nie. Hulle ry die oggend vroeg werk toe en hulle kom eers die middag laat by die huis. Teen daardie tyd is pa moeg, wil hy afskakel en nie deur lastige kinders gepla word nie.

NAWEEK-PA'S

Die gevolg is dat die rol van die man by die opvoeding van sy kinders geweldig afgeneem het. Die opvoeding word tot 'n groot mate deur die moeders gedoen. Baie mans is *naweek-pa's*: Maandag tot Vrydag het hulle nie tyd om saam met die gesin te spandeer nie – hulle kom eers Saterdag en Sondag by hulle gesin uit, en sommiges word dan nog in beslag geneem deur ander take in 'kerk en koninkryk'.

Ons moet ook in gedagte hou dat die druk op mans deesdae baie groot is. As jy wil vordering maak by die werk, as jy wil bybly met die ontwikkelings, sal jy kliphard moet werk. As jy verby die 40 is, is jou kanse op die arbeidsmark verby, so sê die algemene volkswysheid. Daar is 'n algemene geloof dat mans suksesvol en *dinamies* moet wees. Dit veroorsaak dat jong mans hard werk en kursusse volg om hulle posisie te verbeter en veilig te stel. Die gevolg is dat baie jong mans so baie tyd en energie insit by die werk, dat hulle hul gesin verwaarloos. Dit is ironies dat hulle dit dikwels doen met die gedagte "ek doen dit vir my gesin", terwyl die realiteit is dat die gesin daaronder ly.

Daar kan nog 'n tweede oorsaak vir die probleem van 'die afwesige vader' wees, en hierdie oorsaak sit in die man self. Partykeer is 'n man so daarop gerig om 'n sukses van sy werk te maak, dat dit vir hom amper 'n verslawing word. As daar dan 'n geleentheid is om tyd saam met die gesin deur te bring, is hy nie eers lus daarvoor nie en sou hy liewer nog aangaan met sy werk.

Soms kan 'n mens hierdie verskynsel in 'n ander vorm waarneem. Dit gebeur soms dat pa saam met vrou en kinders by die tafel sit, maar dat sy gedagtes nog by die werk is. Soms vat 'n man sy werk 'huistoe' en kan hy in sy gedagtes nie loskom daarvan nie. Terwyl ma en kinders oor skool en sport en allerhande dinge gesels, sit pa met wasige oë daarby sonder om werklik sosiaal deel te neem. Hierdie probleem kan die gevolg wees van 'n groot werkslading of

van spanninge wat dreig om te veel te word. Maar dit kan ook die gevolg wees van 'n selfgesentreerdheid waarmee daar gebreek moet word.

VERANTWOORDELIKHEID

Hoe kan die probleem van 'die afwesige vader' bestry word? Ons moet maar begin by die begin, naamlik die verantwoordelikheid wat mans ontvang het as hulle vaders is.

As die Here 'n huwelik seën met kinders, het man en vrou saam 'n opvoedingstaak. Die formulier vir die bevestiging van die huwelik omskryf die tweede doel van die huwelik so dat man en vrou "… hulle kinders, indien die Here hulle daarmee wil seën, in die ware kennis en vrees van God opvoed tot sy eer en tot hulle saligheid". Die opdrag is 'n gesamentlike opdrag.

Natuurlik is daar aksent-verskille. Die moeder is veral betrokke by die versorging en vertroosting van die kinders in hul jongste jare. In Psalm 131:2 verwys Dawid na die rus wat 'n gespeende kind by sy moeder ervaar en hoe 'n kind se siel by sy moeder tot bedaring kom. Die vader kan ook sy kinders troos en hom oor hulle ontferm (Ps. 103:13), maar sy rol is tog veral die van gesinshoof. Hy oefen vaderlike gesag uit deur middel van tug, en hy dra die godsdienstige en kulturele erfenis aan sy kinders oor. Psalm 78 praat van die vaders wat aan hulle kinders "vertel die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het" (78:3). Die doel daarvan is dat die kinders "hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar" (78:7).

Vaders is ook belangrik as voorbeelde. Deur die onderrig maar ook deur die praktiese lewe wat 'n pa voor sy kinders se oë uitleef, dra hy 'n lewensbeskouing aan sy kinders oor.

Baie van hierdie aspekte kan ook deur die moeder oorgedra word, en sy kan ook net soos die moeder van Lemuël haar kinders onderrig (Spr. 31). Maar die Here het tog in sy wysheid bepaal dat die man en die vrou saam die kinders sal opvoed. Beide die man en die vrou se spesifieke gawes en geaardhede is belangrik in die proses van kinders vorm en grootmaak. Daarom is dit belangrik dat die man ook sy kant bring by die opvoeding van die kinders.

SELFONDERSOEK

'n Volgende aspek wat ons wil noem is dat 'n man soms homself moet ondersoek en, as dit nodig is, bereid moet wees om met verkeerde gewoontes en houdings te breek. Ons het hierbo verwys na die probleem dat 'n mens aan jou werk verslaaf kan wees. Soms moet 'n mens jou gewete ondersoek en vra of daar nie dalk 'n mate van selfsugtigheid 'n rol speel nie.

'n Mens se werk kan jou afgod word. Dit kan wees dat die status wat jou werk aan jou gee, of die suksesse wat jy in besigheid behaal, so belangrik vir jou word dat jy daaraan verslaaf raak. Dat dit die belangrikste doel in jou lewe word om daardie status te behou of dalk te verhoog. Intussen ly die gesin skade.

Ek onthou hoedat ek eens, as 'n student, met eerbied en verwondering gelees het van die wonderlike prediking en pastorale bewoënheid van 'n bekende predikant. Die man was geliefd tot ver buite die grense van sy eie gemeente. Dit was eers later dat ek ontdek het dat hy sy familie opgeoffer het op die altaar van … sy roeping? Of was dit egobevrediging?

Daar is egter ook baie mans wat probeer om alle verantwoordelikhede wat vir hulle gegee word, na te kom. Die omstandighede by die werk kan so wees, dat daar net eenvoudig 'n enorme werksdruk is. Dan kan daar nog take in die kerk wees wat baie energie vra. Miskien is jy ampsdraer of lid van 'n kommissie. Dit kan baie moeilik raak om die balans tussen al die verantwoordelikhede te handhaaf en om dan ook nog genoeg aandag aan jou gesin te gee. Neem bv. die mediese dokter wat beplan het om 'n Sondagaand by sy gesin te wees, maar dan word hy deur iemand gebel met 'n dringende versoek om hulp. Of neem die broeder ouderling wat 'n slag lekker met vrou en kinders wil kuier, maar dan bel die predikant en vra of hy nie asseblief gou-gou by suster X 'n draai wil maak nie. Wat moet hy doen? Wat ook al sy keuse is, hy sal een van twee partye moet teleurstel, of sy gesin, of die persoon wat hulp gevra het.

'n Mens kan nie alles in die lewe doen nie. Ons werk almal met dieselfde 168 uur per week en ons moet die beskikbare tyd verdeel tussen die verantwoordelikhede wat die Here vir ons gegee het. Niemand kan sy lewe so beplan dat alle verantwoordelikhede mooi netjies die aandag kry wat hulle benodig nie. Daarvoor is daar te veel onaangename verrassings in die lewe. Maar dit is wel belangrik om partykeer te gaan sit en evalueer. Het ek as vader gereeld 'n aand beskikbaar wat ek met my vrou en kinders kan deurbring? Kom ek daarby uit om met my kinders te praat oor allerhande sake van die lewe? Kan ek darem op 'n redelik gereelde basis by die huis leiding gee in die godsdiensoefening? As die antwoord op hierdie vrae negatief is, is dit dalk tyd om 'n verandering of twee aan te bring.

Waar ons kan en waar die omstandighede dit toelaat, moet elke man wat 'n gesin ontvang het hom beywer om vir sy vrou en kinders daar te wees.

Die kerk en die nasie word deur *aanwesige vaders* gebou! ¤

VADERS EN SEUNS

Frits Raimond

TEMA: CHRISTENMAN

Jong seuns staan vandag onder geweldige druk. **Juis omdat hulle seuns is, wat deur spesifieke hormone aangedryf word, is hulle ekstra kwetsbaar. Dinge kan drasties skeef loop in hulle jong lewens indien 'n goeie voorbeeld en leiding ontbreek. Daarom is die boek *'Bringing up Boys'* van Dr. James Dobson 'n pleidooi vir vaders om aktief deel te neem aan die opvoeding van hulle seuns.**

Selfs al het jy reeds 'n hele paar boeke van Dr. James Dobson gelees, en is baie van die punte wat hy maak bekend, is sekere gedeeltes uit *'Bringing up Boys'* tog weer aangrypend. Dit sit jou aan die dink. Nie net oor die opvoeding wat jy aan jou eie seuns gegee het nie, maar ook oor vandag se vaders wat die taak van die Here gekry het om seuns groot te maak.

WAAROM SEUNS?

Maar waarom juis *seuns*? Wat is so spesiaal aan hulle? Waarom 'n hele boek wy aan die opvoeding van seuns? Omdat seuns verskil van dogters, natuurlik!

Dalk is dit vir u 'n volkome logiese gedagte, maar dan moet u tog 'n bietjie kennis neem van die moderne gedagtes in feministiese en homoseksuele kringe. Die feministe het eerstens luidkeels begin verkondig dat die geslagte identies is, behalwe vir hulle voortplantingsorgane. Die verskil in geaardheid en gedrag, so het hulle beweer, is slegs aangeleer as gevolg van 'n patriargale kultuur-vooroordeel.

Die feministe het toe begin om die hele manier van opvoeding van kinders te herontwerp. Dogters moet soos seuns en, veral, seuns moet soos dogters grootgemaak word. Seuns is aangemoedig om pop te speel. Vroue verrig mans-werk en mans maak die ontbyt in die kombuis. Aan kinders is vertel dat mans wonderlike ma's kan wees en ma's flukse kêrels. Boonop kom die homoseksuele drukgroepe toe met hulle teorie van "geslag feminisme". Dit wil sê dat die toekenning van geslagte heeltemal irrelevant is. Erflikheid kan eenvoudig ongedaan gemaak word. Al wat tel is die *'geslag'* wat



ons ouers vir ons "kies" wanneer ons babas is, of die *'seksrol'* wat ons self later in ons lewe kies. In hierdie teorieë pas die manlike geaardheid wat seuns begin openbaar soos hulle groot word natuurlik glad nie! Omdat hierdie teorieë aktief gepropageer word in die moderne samelewing, kom seuns onder 'n geweldige druk te staan.

DIE VERSKIL

James Dobson verduidelik die werking van die verskillende hormone by seuns en dogters, en hoe dit die verskillende geaardheid van seuns en dogters beïnvloed. Vroue het 'n groter behoefte aan stabiliteit en sekuriteit en is dus meer geneig tot versigtigheid. Mans daarenteen, hou van verandering, geleenthede, kanse en avontuur. Hulle is geskape om te sorg vir hulle gesinne, om hulle te beskerm teen seerkry en gevare. (1 Tim. 5:8) Dus as ons ons seuns wil verstaan moet ons in gedagte hou dat hulle mans-in-opleiding is. Hulle agressiwiteit is daar met 'n doel. Dit berei hulle voor op hulle "voorsien en beskerm"-rol wat kom. Moenie as ouers daardie agressiwiteit en opgewondenheid probeer uitskakel, of kwaad raak oor daardie irriterende eienskappe van julle seuns nie. Daardie temperament is deel van 'n goddelike plan. Wees bly daaroor. Geniet daarvan. Dank God daarvoor. Maar onthou dat dit gevorm, geskaaf en bruikbaar gemaak moet word.

EMOSIES

Die een hoofstuk uit die boek wat alle ouers behoort te lees, is die hoofstuk met die titel 'Wounded Spirits'. Dit beskryf die emosionele storms waardeur seuns dikwels in hulle tienerjare gaan. Dit kan selfs sulke ekstreme vorms aanneem dat dit tot uitbarsting kom in geweldadige skietpartye op skool. Daar was 'n hele paar van sulke gevalle in Amerika. Jong tiener-seuns het hulle onderwysers en klasmaats voor die voet geskiet. Toe daar agterna aan hulle gevra is wat hulle motiewe was, was hulle antwoord eenvoudig: *"Ons weet nie……"*

Al neem dit nie altyd sulke ekstreme vorms aan nie, tog is daar baie tienerseuns wat voel dat hulle ouers hulle nie liefhet nie, en dat hulle deur hulle skoolmaats

gehaat en geminag word. Dat die lewe nie die moeite werd is nie. Daardie gevoelens kom ook voor by seuns wat opgroei in 'n stabiele, Christelike ouerhuis. As u sulke gevoelens by u eie kinders opmerk, moenie dink dat dit nie so erg is nie, en dat dit van 'n verbygaande aard is. Ek en my vrou weet dat daardie emosies so sterk kan word dat die seuns selfs nie meer wil lewe nie!

'n Deel van die skuld lê by die moderne kultuur van die volmaakte liggaam. Die reklame hou aan ons voor dat alles aan jou perfek moet wees om gelukkig te kan lewe. Daardie ideaalbeeld is dikwels so onbereikbaar dat baie kinders ongelukkig is met hoe hulle lyk en met wie hulle is. Daarby kom nog die algemene verskynsel van terggeeste by die skool wat swakker kinders treiter met enigiets wat snaaks, onvolmaak of anders is. Party kinders kan dit hanteer, maar die meeste van hulle nie.

'n Bykomende faktor is dat skole deesdae nie meer leiding en dissipline aan leerlinge kan en mag gee nie. Onderwysers is slegs fasiliteerders! Daardie term kom van die moderne teorie dat kinders eintlik miniatuur-volwassenes is. Hulle ontvang dus nie *onderwys* nie, maar moet gehelp (gefasiliteer) word om *self te ontdek* wat vir hulle belangrik is. En dit terwyl seuns se hormone hulle in daardie jare so deurmekaar krap, en hulle juis duidelike leiding nodig het.

DIE ONMISBARE VADER

'n Seun in die emosionele krisisjare het sy vader nodig. Hy moet kan identifiseer met sy pa se manlikheid. Hy moet kan opsien na sy leiding. Hy moet kan veilig voel in sy beskerming. Sy pa moet

nie net daar wees nie, hy moet betrokke wees en belangstel in sy seun. Slegs dan sal hy die tekens raaksien en daarop kan reageer. Daardie betrokkenheid moet vroeg begin, sodat hy naby aan sy seun kan bly dwarsdeur die moeilike, emosionele jare.

Ek het baie goeie herinneringe aan my eie pa, maar daar is twee wat uitstaan:

- Die kere dat hy saam met ons sokker gespeel het. Dalk was sy spoed nie meer van die beste nie, maar hy was 'n uitstekende "goalie".
- En dan die keer dat hy uit eie inisiatief voorgestel het om 'n roeibootjie te huur om met ons te gaan visvang. Wat dit so besonder gemaak het was die feit dat hy, toe ons jong seuns was, altyd besig was om te studeer.

Waarom is dit na al die jare nog goeie herinneringe? Omdat hy tyd vir ons gemaak het, sy studie eenkant geskuif het, en saam met ons iets gedoen het waarvan ons hou.

Dit mag miskien snaaks klink, maar ook 'n rowwe stoeiparty met jou seuns is baie belangrik. Die groot ding is dat die vader aanwesig moet wees! Niks is meer belangrik nie! Niks het 'n hoër prioriteit nie! Nie 'n loopbaan nie, nie finansies nie en selfs nie 'n amp in die kerk nie. Ek sê nie dat 'n jong vader nie 'n amp in die kerk kan beklee nie. Maar om ampswerk te kombineer met vader wees, sal daar sekere dele van die week tyd gemaak moet word vir jou gesin. Vrydagaande was byvoorbeeld *'opblyaand'* vir my kinders, en dit het nie by my opgekom om op daardie aand enige kerklike werk te beplan nie.

ROOFDIERE

In 'n ander hoofstuk waarsku James Dobson vir slegte invloede wat onmerkbaar in ons huise inkom om ons kinders nadelig te beïnvloed.

- Moet nooit 'n televisie in die kinders se slaapkamer toelaat nie! Op daardie manier is daar geen enkele toesig oor wat hulle sien nie. Die bewyse wat James Dobson aanhaal oor die afstompende invloed van geweld op ons kinders, is skokkend en baie oortuigend.
- Moenie aan kinders onbeheerde toegang tot die Internet gee nie! Die groot gevaar is toegang tot pornografie. Dit is geweldig verslawend, meer as wat ons dink.

TEN SLOTTE

Ek het maar heel gebrekkig weergegee wat in James Dobson se boek staan.

Daar is 'n magdom aan inligting, statistieke en voorbeelde. Daar is selfs 'n deel van 'n hoofstuk gewy aan die taak van grootouers! U moet dit maar self lees. Want dié boek kan Christelike vaders (en moeders) help om hulle seuns in die moeilike emosionele jare te verstaan en te begelei. ¤

DIE ANATOMIE VAN PORNOGRAFIE

Dawid Jordaan

TEMA: CHRISTENMAN

Pornografie lyk na 'n oulike en ongevaarlike speletjie maar as 'n mens daarmee begin, kan dit baie maklik 'n verslawing word, met ernstige gevolge. In hierdie artikel – weergawe van 'n lesing wat Dawid Jordaan onlangs in die VGK Pretoria gehou het – word die werkinge en gevolge van pornografie geanaliseer.

Wat ons seks noem is 'n deel van die dinamiese vloei van die lewe binne in ons (die lewe wat God die Skepper in 'die modderman' ingeblaas het, Genesis 2:7). Die seksdrang is dus 'n natuurlike aptyt van die mens, wat God geskep het om die mens in staat te stel om die fokus van homself weg te draai en te rig op ander. Die doel is dat die mens se karakter en persoonlikheid voltooi en ontwikkel kan word binne die intimiteit van die verhouding met sy eie vrou. Dit hou die 'vure' aan die brand en dryf hulle elke keer na mekaar toe.

Een van die belangrikste prosesse in ons lewe is om ons self los te wikkel uit ons eie klein donker tronk van selfgesentreerdheid waarin ons almal gebore word. Erich Fromm het gesê: *The deepest need of man is the need to overcome his seperateness, to leave the prison of his aloneness*. Ten opsigte van die huwelik is seks die teken van die huweliksverbond. *Sex was made for living and giving, not for lusting and getting*. Liefde word maklik tevrede gestel omdat dit begeer om te gee ten koste van self. Wellus daarenteen is onversadigbaar soos die hel. Wellus is perverse liefde.

ONVERSADIGBAAR

'n Vuur sal al die hout in 'n bos verteer en nog steeds nie versadig wees nie. Net so kan die seksdaad ook nie vervulling bring nie, tensy dit plaasvind binne die emosionele intimiteit tussen twee mense van die teenoorgestelde geslag, wat in 'n huweliksverbond met mekaar staan en besig is om die vreugdevolle eenheid te bereik van saam ontdek wat dit is om liefde te gee en liefde te ontvang.

Wanneer jy getroud is en jy 'lust' na jou vrou (wellus), sal jy nooit tevrede wees met haar nie, al doen sy ook wat. Jy sal haar uiteindelik behandel soos enige artikel wat jy besit, gekoop of geruil het.

Die Skepper-Vader het die mens toegerus met 'n kragtige funksie van sy siel naamlik die verbeelding. Dit is die ontwerplokaal van die brein. Soos al die funksies van ons siel, is ons verbeeldingsfunksie ook maar die teiken van die vyand van ons siele. Daarom moet ons 'drills' en dissiplines in plek kry om ons teen die misbruik en besoedeling van ons verbeelding te vrywaar.

Die verkeerde gebruik van die verbeelding voorsien vir ons in skaduvorm 'n plaasvervanger vir deugde, suksesse, prestasies, inisiatiewe, ensovoort, alles dinge wat buite in die ware lewe uitgespeel behoort te word. Ek kan byvoorbeeld in my verbeelding die hele tyd besig wees oor wat ek alles met my geld sal doen as ek eendag ryk is, maar ek kan intussen nie 'n brood op die tafel sit vir my gesin nie.

Om besig te wees met pornografie is ook 'n vorm van ontvlugting in verbeelding, 'n wêreld wat nie bestaan nie. 'n Man wat aan pornografie verslaaf is en 'n vrou wat aan romantiese novelles en sepies verslaaf is, sal vind dat hulle geen of min kapasiteit vir intimiteit het. *Verbeeldingsontvlugting is 'n steler van intimiteit.*

Een van die mees destruktiewe wapens om ons verbeelding te besoedel is pornografie. Pornografie is net rook en spieëls, het iemand gesê, maar daar is 'n angel in wat verwoes. Daar is niks anders wat 'n man se verbeelding so kan aangryp en insleep nie. Vir die kyker lyk alles baie werklik en eg en dit lei gewoonlik tot kompulsiewe masturbasie wat op sy beurt weer lei tot skuldgevoelens. Die gevaar van kompulsiewe masturbasie lê daarin dat dit die gesonde kreatiewe seksdrang omswaai of weglei in 'n verkeerde rigting. Dit stuur die man terug in sy tronk van selfliefde waar hy 'n harem van denkbeeldige bruide aanhou. Die gevaar lê daarin dat die man begin lief raak vir sy tronk en uiteindelik nooit daaruit kan of wil ontsnap nie.

DENKBEELDIG

Vir so lank as wat hy hierdie denkbeeldige harem bedryf, veroorsaak dit dat hy nooit regtig sielsbande en ware intimiteit met 'n ware tasbare vrou kan bou nie. Hierdie harem is vier en twintig uur per dag beskikbaar, altyd gewillig, vra geen konsiderasie of opoffering nie, vra geen aanpassing nie, en bied erotiese en psigologiese aantrekking wat geen tasbare vrou ooit kan bied nie.

Tussen hierdie spookbruide word hy altyd bemin, is hy altyd die volmaakte minnaar. Geen eise word gestel aan sy selfsugtigheid nie, geen regstelling van sy ydelheid en selfgesentreerdheid nie. Aan die einde van die dag word hierdie spookbruide maar net 'n medium waardeur hy homself in 'n toenemende mate aanbid en bewonder en al hoe meer in homself krul en al hoe verder wegdryf van waarheid en die realiteit.

Pornografie verwring jou vermoë om te onderskei tussen wat waar en eg is of nie, omdat daar 'n fisiese respons is op wat die oog sien en wat die verstand optower. Wanneer 'n man se liggaam 'n ereksie en ejakulasie beleef as gevolg van fantasering, laat dit die pornografie nog meer werklik voorkom. Daar is selfs 'n chemiese respons in die brein wat die hele ervaring in sy geheue inbrand. Die fisiese belewenis word 'n bewys van wat die verstand voortgebring het.

Dit is egter nie net die verstand wat verward raak nie maar ook die liggaam: Dit wat onwerklik is (die objek wat jou seksueel opwek bestaan uit papier en ink of dotjies op 'n glasskerm, wat geen vermoë het om jou fisies aan te raak nie) kom meer werklik voor as dit wat waar is (seksuele opwekking). *Ware misleiding het plaasgevind*. Die hele proses op sigself word 'n handeling van aanbidding wat afgodery en wellus tot gevolg het.

GEBRUIKER

Pornografie maak gebruik van leuens om mans sover te kry om vals konsepte te glo en te aanvaar. Ons weet dat die konsepte wat jy as waar aanvaar, jou beheer. *Een van die grootste leuens is dat jy ander persone kan gebruik vir seksuele bevrediging sonder dat dit nadelige gevolge vir jouself en jou gesin inhou.*

Pornografie leer die man dat sy vrou (of 'n vrou) slegs bestaan *om sy behoeftes te vervul*. Wanneer 'n man se verbeelding verwronge en boos geraak het, het dit ernstige implikasies vir sy huwelik. Hy is gebreinspoel en sy verbeelding het hom afgerig om 'n gebruiker te word. Dit word nou sy doelstelling om sy vrou te verander na die tipe vrou waaroor hy fantaseer. Byvoorbeeld:

- As die vrou van sy drome passief is en sy vrou nie, dan voel hy dat sy 'n opinie van haar eie het en dus te baasspelerig is.
- As die vrou van sy drome geen behoeftes behalwe sy behoeftes het nie en sy vrou toon dat sy wel behoeftes van haar eie het dan redeneer hy dat sy te veeleisend is.
- As die vrou van sy drome slegs 'n seksuele dimensie het en sy vrou ander dimensies ook het dan voel hy dat sy te onafhanklik is.
- As die vrou van sy drome reageer op perverse seks en sy vrou nie dan is sy koud en afsydig.
- As die vrou van sy drome wulps, aantreklik en ferm is en sy vrou nie omdat sy al drie kinders gehad het en normaal is, dan is sy onaantreklik en pas nie meer by sy smaak nie.

Die implikasies vir die selfbeeld van die vrou is ernstig. Wanneer 'n vrou se man na haar kyk met verwronge oë, verwring dit haar vermoë om te weet wie sy is. Die vraag wat die vrou haarself nou begin vra is: Is ek te baasspelerig, veeleisend, onafhanklik, koud en onaantreklik, of is ek normaal?

GESIN

Skepper-Vader het die mens geskep, man en vrou na sy beeld en gelykenis en hulle 'n bepaalde taak gegee binne grense, om te bewaak, te bewerk en te reproduseer na hulle aard net soos alle plante en diere ook dieselfde moes doen. Vir hierdie doel nl. om sy skeppingsopdrag uit te voer, het hy hulle man en vrou gemaak met 'n seksuele dimensie wat nie net fisiese- maar emosionele intimiteit tot gevolg het. Hierdie intimiteit tussen 'n man en vrou is baie belangrik. Bogenoemde skep 'n kweekhuis-effek waar kinders geborge en gesond kan opgroei en sodoende minder vatbaar is vir die euwels van ons tyd.

Wanneer die mens in die wêreld kom, is hy van nature in homself gekeer en ons kan dit maklik sien in 'n kind, omdat 'n opgroeiende kind die sentrum van sy eie heelal is. Die funksie van intimiteit is onder andere om die mens te help om na buite te keer, weg van homself af. Intimiteit in die huwelik is juis daarop gerig dat ek wegkyk van myself af en fokus op my maat. In die mate wat ek dit doen, doen ek eintlik myself 'n guns omdat dit juis my maat vervuld laat voel wat dit weer terug wil doen aan my.

Die vertroeteling wat 'n baba by sy moeder ontvang, is die eerste stap op sy pad wat hom leer om weg te kom van homself af. Mense wat as kinders op 'n onbehoorlike wyse aangeraak is en/of nooit vertroetel is as babas nie, is meestal vatbaar vir seksuele perversie, omdat hulle soek om daardie behoefte van om te behoort, vervul te kry in die seksuele, wanneer hulle puberteit bereik.

Dr Lee Salk het tereg gesê: *The physical and psychological welfare of a child is largely a product of affectionate, demonstrative love received in infancy*. Volgens die skeppingsorde is die man 'n gewer en die vrou 'n ontvanger. Die man inisieer en die vrou volg. Daarom is dit natuurlik vir 'n man om te wil weet hoe dinge werk. Wanneer 'n seun in sy puberteit kom is hy baie nuuskierig omtrent sy eie liggaamsveranderinge. Dis die tyd wat hy begin eksperimenteer en wat hy baie kwesbaar is want dan word sy seksualiteit gevorm. *Dis die tyd wanneer hy sy seksmaniere leer.*

Die patrone wat in hierdie tyd gevestig word, bepaal sy toekomstige seksuele gedrag. Dit vat jare van uiterste inspanning en dissipline om later die verkeerde patrone reg te stel in 'n huweliksituasie. In baie gevalle is dit egter nie moontlik nie en word net nog 'n geslag die slagoffer van hierdie "kanker" van ons samelewing.

Die tentakels van pornografie kry 'n diep greep op die siel van die mens. Pornografie sentreer in 'n basiese fisiese behoefte (naamlik seks), vleg in 'n basiese emosionele behoefte in (naamlik om in beheer te wil wees), en verweef met 'n basiese geestelike behoefte (naamlik intimiteit). Die ware self raak hopeloos verstrengel totdat die slagoffer ingesluk is deur die oorweldigende mag van pornografie.

Bronnelys:
1. An Affair of the mind: Hall Laurie
2. Crisis in Masculinity: Leanne Payne
3. Aanhalings uit lesings van Edwin Cole.
4. The Transformation of the Inner man: John and Paula Sandford ¤

OEFENING IN DIE GODSVRUG

- Bron en doel van die oefening

Ds. J van der Linden

LEER EN LEWE

Soos 'n atleet oefen vir 'n wedloop, so is dit ook nodig dat ons ons oefen in die Godsvrug. Dit is waaraan ons in die vorige artikel aandag gegee het. Oefening is dus nodig. Maar waarop is dit gerig? En waar kom die krag vir hierdie doelgerigte oefening vandaan?

Oefening in die Godsvrug het alles te doen met my omgang met God se Woord. En daarom kan ons meer spesifiek vra: Waarop is my omgang met God se Woord gerig? Dit klink vir ons na so 'n eenvoudige vraag. En tog weet ons hoe baie ons uit gewoonte die Woord van die Here oopmaak, en dan nadat ons gelees het… net so weer toemaak. Het ons dan God se doel met sy Woord bereik? Dit is belangrik dat ons hierdie vrae vra. Want dit gebeur te gou dat ons *self* wil besluit wat die doel van ons omgang met God se Woord is. Dink byvoorbeeld aan 'n Bybelstudieaand. Verloop die bespreking maar na willekeur, of soos wat almal saam die bespreking stuur, of soos wat die voorsitter die bespreking wil stuur? Of bereik ons *God se doel* met sy Woord op elke Bybelstudie?

Nog 'n ander toetssteen: Hoe luister ek na die prediking? Met my eie idees van hoe 'n preek moet lyk of van wat die teks sê? Soek ek veral na dinge wat *my* boei en aanspreek? Of is my houding in die erediens gerig op dit wat *God* met die preek wil bereik?

Ons wil na hierdie vrae kyk aan die hand van wat God self daaroor sê in die bekende teks, 2 Tim. 3:16-17:

> *"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"*

GERIG AAN WIE?

Hierdie bekende teks uit 2 Timótheüs het die afgelope eeue 'n belangrike funksie gehad om die Skrif se gesag te verdedig. Kinders van die Here het geleer om hierdie teks te gebruik teen hulle wat self hulle oordeel oor die Woord van God wou uitspreek. Geen kritiek teen die Skrif nie, want dit is 'n woord wat van God kom! Daarom wil en moet ons ook altyd onopgeeflik bly vashou aan hierdie Woord.

So dreig die gevaar egter dat hierdie teks veral 'n woord word vir die stryd daar buite. Dit gaan funksioneer as 'n woord wat die Skrifkritici wil aanspreek. En sodoende ver van eie huis verwyderd staan.

Maar kyk ons nou na die konteks waarin Paulus hierdie woord aan Timótheüs skryf, dan sien ons dat dit glad nie die Here se bedoeling is met hierdie vers nie. In Timótheüs se groot stryd teen die dwaalleraars word *hy* aangespreek met hierdie teks. Timótheüs word nie *in die eerste plek* opgeroep om hierdie woord te gebruik *teen* hulle wat mense verlei nie (vers 13). Dit is 'n woord wat betrekking het op hom en op sy bediening. Hy moet in hierdie geloof bly staan (vers 14), en tegelyk is dit ook vanuit hierdie geloof dat hy die woord moet verkondig en sy bediening moet vervul (4:2-5). Nie die Skrifkritici daarbuite nie, maar die ampsdraers en die kerk van Christus moet *in die eerste plek* aangespreek word deur hierdie teks!

MENS VAN GOD

Wanneer ons hierdie teks van naderby bekyk sien ons hoe dit juis *volledig* betrekking het op die ampsdraers en op die gemeente van Christus. Want vers 17 gee die ***doel*** van God se Woord aan: sodat die mens van God volkome kan wees.

"Mens/man van God" is die uitdrukking wat die Here in die Ou Testament vir ampsdraers gebruik het (Deut 33:1; Neh 12:24). Dit is dus iemand wat God self geneem, en in sy diens gestel het. Sodoende wys dit spesifiek op die ampsdraers wat ons vandag in die kerk ken, maar ook breër as dit. Want ampsdraer wees, dit herinner tog *veral* aan die aanstelling wat die mens in die paradys gekry het?! Daar het die mens die aanstelling gekry om God se medewerker te wees. Hy moes God verteenwoordig hier op aarde.

Wanneer ek met die Skrif omgaan, dan is dit God se doel met my: **om my bekwaam te maak vir daardie heerlike posisie wat ek in die paradys gehad het!** God gryp terug na die doel wat Hy aan die begin met my gehad het. En daardie doel wil Hy nou weer met my gaan bereik!

Hy gee nie op met my nie. Skryf my nie af as 'n waardelose dienskneg nie. Nee, Hy maak 'n nuwe weg oop waardeur ek weer herstel kan word as waardevolle dienskneg. **En dit is die weg van sy Woord!** Deur sy Woord gaan Hy weer met my praat, net soos in die paradys. So gaan Hy my sy opdragte gee. En so gaan Hy my taak vir my verduidelik… en weer verduidelik. Hy gaan sy beloftes vir my gee. Hy gaan my aanspreek en my vermaan. Hy gaan my aanmoedig en my tot ruste bring. En dit alles *deur sy Woord*.

Hoe dringend is dit tyd dat ek (weer) begin besef dat God my mens van Hom *gemaak* het! Want hierdie ampsdraersposisie *het* ek alreeds van God ontvang. Dit is 'n posisie wat ek deur die geloof in Christus het. Want Christus is God se Gesalfde, God se ampsdraer. En omdat ek nou deur die geloof aan Hom verbind is, het ek deel aan sy salwing (Vr en antw 32 HK).

VOLKOME

In Christus gee God my weer my volle paradysposisie terug. Die vol en heerlike lewe waarin ek met God mag wandel en werk. En daarom is daar nou ook 'n totaal nuwe lewe en orde wat ek moet aanleer!

Ek moet soos 'n kind weer van vooraf leer kyk na die wêreld en leer praat oor die wêreld. Ek moet opnuut leer dat besigheid nie sommer besigheid is nie, maar dat God weer die *paradysweg* vir besigheid voorskryf. En so geld dit vir alles in my lewe.

Die bekwaamheid vir hierdie nuwe posisie is nie iets wat ek in my eie hart ronddra nie. In my eie hart dra ek nog die dwaasheid en lewensorde van *mens van die wêreld*. Hierdie nuwe wysheid vir my lewe en taak moet ek van God ontvang *deur sy Woord*.

En daarom moet ek myself ook elke keer weer toets as ek met God se Woord besig is: bereik ek hierdie doel? Is my fokus hierop as ek omgaan met die Skrif en die prediking? Fokus ek op die gemeenskap en werk met God?

Ons teks sê dat God sy Woord gee sodat die mens van God volkome kan wees. Dit beteken nie dat ek "perfek" kan word nie. Die tweede deel van die vers wys wat bedoel word met hierdie "volkome": vir elke goeie werk volkome toegerus. God maak my volledig bekwaam vir my taak!

Dit is die regte omgang met God se Woord wat verseker dat ek nie maar net in hierdie heerlike paradysposisie *staan* nie, maar ook voluit so begin *funksioneer*! God se Woord verdubbel my vreugde: Ek ontvang nie net die vreugde van 'n nuwe en heerliker aanstelling nie, maar ook nog vreugde deur die werk wat ek saam met God mag doen.

BRON

Glo ons nog dat God *so* 'n heerlike doel met ons kan bereik? Glo ek dit nog steeds, ook al gaan ek al jare lank met God se Woord om? Goddank het Hy nie hierdie doel veranker in my potensiaal en vermoëns nie! Die bron vir so 'n lewe lê nie in my nie. En nou verstaan ons ook hoekom God met soveel klem in hierdie teks sê dat die hele Skrif deur God *ingegee* is. Letterlik staan hier dat die hele Skrif deur God *ingeasem* of deur God *geblaas* is.

God neem dit volledig op Hom om te sorg dat ek in my *gelowige* omgang met sy Woord sy doel met die Woord bereik. Want die mens het in die paradys tot lewe gekom deurdat God sy *asem* in ons neuse geblaas het. En nou kom gee God weer sy asem aan my *in en deur die Woord* om my tot die nuwe lewe in my paradysposisie te bring! Sodat ek nou as *mens* weer *mens van God* kan word!

Somtyds voel dit doods as jy besig is met die Bybel. Dit voel asof die omgang met God se Woord min opwinding meebring. En dan is dit net asof die egte lewe weer begin *nadat* jy Bybelstudie gedoen het. Maar dit is presies andersom! In my doodsheid word ek weer lewend gemaak wanneer die Gees deur die Woord die lewe in my blaas. In hierdie geloof moet ek dan ook met God se Woord omgaan.

Ons lewe voortaan van God se asem. Deur sy asem het ek die lewe gekry, en deur sy asem in die Woord ontvang ek ook die nuwe lewe. Dit was sy asem wat magtig genoeg was om my *mens* te maak. Sal dit dan nie ook magtig genoeg wees om my weer *mens van God* te maak nie?

MIDDEL EN DOEL

Dit is belangrik dat ons altyd God se doel voor oë hou sal hou in ons omgang met sy Woord. Want deurdat ons die fokus reg hou, groei ook die verwagting dat God deur sy Woord ons wil bekwaam maak vir die lewe met Hom. God self wys in sy Woord aan dat *dit* die groot dinge is wat Hy deur sy Woord wil doen. Sal ons Hom dan nie vertrou en *so* na sy Woord luister nie?

Laat ons daarom ook skerp onderskei: Die doel van God se Woord is nie *in die eerste plek* dat ek die Woord leer ken nie, maar dat ek God se lewende stem vir my lewe sal hoor.

En natuurlik hoort 'n kennis van God se Woord ook by die lewe met God. Dit vorm selfs 'n fondament van ons lewe met God. Maar van kleins af (by die huis, by die skool) is dit belangrik dat ons leer dat God sy Woord gegee het sodat ek *Hom* leer ken.

Die fokus kan so sterk op 'n kennis van die Bybel val, dat dit lyk asof dit 'n doel op sigself is. Dan word die Bybel as 'n tipe handboek gesien, waardeur ek kennis ontvang wat ek nou weer kan "gebruik".

Maar die Bybel is God se woorde tot my. Hy spreek. Hy gee lewe deur sy Woord. Hy wys aan en spreek aan. So openbaar God Homself en roep Hy tot gemeenskap en werk saam met Hom.

Daarom mag ek ook nie met God se Woord omgaan asof ek op soek is na 'n "boodskap" nie. Die Bybel is geen dooie boek en dooie teks waaruit ek nou probeer om iets te haal vir my lewe nie. Eerder moet ek eerbiedig in God se leerskool gaan sit en luister sodat God deur sy Woord *sy* doel met my lewe kan bereik.

So 'n omgang met God se Woord, so 'n leerskool is lewenslank. Want altyd weer sal God Self my die weg moet sy deur sy Woord. Maar tegelyk is dit in-diens-opleiding. Want ek mag ook steeds meer die vreugde ervaar om so met God te kan wandel en werk. ¤

DIE BLYWENDE BETEKENIS VAN DIE BYBEL

Prof. J van Bruggen

AKTUEEL

Sekere produkte wat 'n mens in die winkel koop, het 'n vervaldatum. As daardie datum verstreke is, is die betrokke produk onbruikbaar en is dit beter om dit in die asblik te gooi. Is dit miskien met die Bybel ook so? Is dit in die 21ste eeu nog sinvol om hierdie geskrifte uit 'n verre verlede te lees? Is die Bybel se vervaldatum nie lankal verstreke nie?

Mense wat dit beweer, gebruik dikwels die argument dat die Bybel in 'n ander tyd ontstaan het. Hulle sê dat die Bybel 'n kultuurgebonde boek van vroeër tye is. Is dit reg? Hoe moet ons die Bybel lees?

Die gedagte dat die Bybel 'n tydgebonde produk van vroeëre generasies is, word deesdae algemeen aanvaar. Baie mense wat vandag die Bybel lees, verwag derhalwe dat die Bybel geloofsuitsprake bevat wat as verouderd beskou moet word. Wat die Bybel sê, kan in ons tyd nie meer as gesagvolle woorde gehandhaaf word nie, meen hulle.

Tog wil die Bybel self op amper elke bladsy duidelik bo die tyd van die Bybelskrywers uitstyg. Die Bybel wil 'n boodskap uitdra wat betekenis het tot aan die einde van die tye toe. Die lae verwagting wat die moderne leser van die Bybel het, pas daarom nie by die hoë aansprake wat die Bybel self maak nie.

Hoekom is dit vir mense moeilik om blywende betekenis aan die Skrifte toe te ken? Omdat juis by die lees van die Bybel die vreemde stelling gemaak word dat tekste uit 'n vroeëre tyd vanselfsprekend tydgebonde is en 'n verminderde waarde het. Hierdie stelling behoort egter bevraagteken te word en is beslis nie algemeen toepaslik nie. Geskrifte van Plato, Confucius of Karl Marx word gewoonlik nie so gelees nie. Die normale prosedure is juis dat ons eers die geskrifte self laat spreek en dat ons dan ondersoek of die betrokke tekste bo hul eie tyd wil uitstyg of nie. Daarby word dit as vanselfsprekend aanvaar dat daar sekere mense is wat deur die grootheid van hul denke 'n betekenis het wat ver bo hul eie tyd uitstyg, ook al vind 'n mens in hulle geskrifte die spore van hulle tyd.

Hoekom sou ons nou by die lesing van die Bybel skielik moed verloor? Ons weet tog dat die Here Jesus homself nie beperk het tot sielsorg aan sy tydgenote nie, maar dat Hy baie dinge gesê en gedoen het wat 'n algemene en blywende betekenis vir alle tye wou hê. Dit is die rede dat sy woorde en dade vir baie Christene vandag nog steeds rigtinggewend is. 'n Ongelowige persoon kan, na evaluering van Jesus se woorde en dade, sê dat dit vir hom niks beteken nie. Hy kan vir homself die betekenis van Jesus se boodskap as 'uitgediend' bestempel. Dit sou egter onwetenskaplik wees om so 'n waardeoordeel oor die inhoud van die teks as 'n hermeneutiese vertrekpunt te neem. Die inhoud van 'n boek is nie noodwendig verouderd bloot omdat dit 'n ou boek is nie.

Dit is ongetwyfeld so dat ons in die Bybel baie dinge raakloop wat kenmerkend is vir die tyd waarin die Bybel onstaan het. 'n Voor die hand liggende voorbeeld is die tale wat gebruik is. Daar kan meer genoem word: dinge wat in verband staan met die daaglikse lewe in daardie tyd, met die ou geskiedenis, en met die kultuur en ander religies van daardie dae. Die Bybel is nie 'n tydlose boek wat van die taal en die tyd van ontstaan losgemaak kan word nie.

Juis daarom het die Bybelleser hulp nodig. Hy ken nie meer die taal en tyd van die Bybel nie. Hy sukkel soms omdat hy die agtergrond van die teks nie meer so goed ken nie. Dit beteken nou ook



weer nie dat die betekenis slegs ontsluit kan word deur hulpwetenskappe soos argeologie, taalwetenskap, en geskiedenis van lande en kulture nie. Dit beteken net dat ons hierdie hulp nodig het as ons die beeld goed in fokus wil kry. As ons hierdie kennis nie het nie, kan die beeld vaag word en kan daar misverstande ontstaan. In die Westerse kultuur het ons 'n hele skatkis vol agtergrond-inligting oor die Bybel tot ons beskikking; vir 'n sendinggemeente in Afrika is die situasie anders. Hierdie verskille is slegs relatief. Maar as 'n mens die hulpwetenskappe verwaarloos, is die gevolg wel dat jy verantwoordelik is as die beeld vaag en onduidelik word.

Hoe waardevol hierdie hulpwetenskappe ook al is, dit kan nooit gebruik word om die Bybelse teks as 'n 'produk van die ou dae' te bestempel nie. Dit moet eerder dien om aan die tekste hulle kleur te gee as tekste wat *ín* daardie tyd gespreek is.

Daar is nog iets wat in hierdie verband belangrik is. Die dele van die Bybel het nie net in verskillende tye ontstaan nie, maar hulle het ook hul eie historiese konteks en hulle vorm deel van 'n voortgaande

openbaringsgeskiedenis. Hierdie openbaringsgeskiedenis ('historia revelationis') vorm die mees nabye historiese konteks vir die verskillende dele van die Bybel. Dinge wat in die Duitse geskiedenis gebeur het, moet teen die agtergrond van die Europese geskiedenis verstaan word, maar tog in die eerste plek binne die historiese raamwerk van Duitsland self. Die Bybelse tekste moet wel in die raamwerk van hul eie tyd geplaas word, maar dit moet allereers binne die raamwerk van God se openbaringsgeskiedenis verstaan word.

VOORBEELDE

As bv. in die Ou Testament die doodstraf ingestel word vir owerspel, is dit nuttig om te ondersoek hoe owerspel in lande rondom Israel gestraf is. Ons kan dan 'n idee kry of die eerste lesers die straf as streng, mild of vanselfsprekend ervaar het. Ons moet hierdie straf egter veral verstaan in die lig van wat God reeds voorheen, naamlik in die paradys, oor die huwelik gesê het. "'n Man sal hom aan sy vrou heg." Daardie woord uit Genesis 2 is die eerste belangrike agtergrond vir die straf op owerspel in Israel. Onthou ook dat die volk Israel by die uittog uit Egipte deur God tot 'n volk met 'n eie regstelsel saamgesmee is. Dit verklaar die vorm wat die straf aangeneem het , nl. die doodstraf. Miskien kan vergelyking met die wetgewing van Egipte en Assur uitwys of hierdie straf as swaar ervaar is of nie.

In die Nuwe Verbond word steniging nie meer as straf vir owerspelers voorgeskryf nie. Die rede daarvoor is nie dat die Bybelse strafgebooie tydgebonde was nie, maar die feit dat God in sy openbaring voortgegaan het van 'n nasionaalvergaderde kerk na 'n kerk wat uit alle volke vergader word. Die kerk is dan nie meer betrokke by die uitvoering van burgerlike strafreg nie. Maar omdat die kerk dit in Israel namens God gedoen het, behou die Ou-Testamentiese strafwet tog betekenis: Die owerspeler staan voor die God van die paradys doodskuldig! Ons lees in Openbaring dan ook dat die hoereerders, moordenaars en afgodedienaars buite staan (Openb. 22, 15). Slegs deur die dood van Jesus is daar vryspraak en lewe vir owerspelers wat met berou en in geloof na Hom toe gaan.

'n Populêre voorbeeld is ook Paulus se gebooie rakende die slawe. Was dit nie bloot 'n tydgebonde saak as die apostel slawe oproep om onderdanig te wees nie? En in dieselfde asem voeg party mense by: so is ook Paulus se woorde oor die verhouding man-vrou tydgebonde. Mense vergeet egter dat hierdie laaste uitsprake in die skepping en die geskiedenis van die sondeval gefundeer word, terwyl daar vir die voorskrifte aan die slawe geen verdere begronding gegee word nie. Dit beteken dat die gebooie oor die slawe inderdaad by die tydgebonde verhoudings van daardie tyd aansluit.

Tog is daar ook in hierdie geval meer om te sê. Paulus praat teen die agtergrond van 'n Ou Testament waar die slawerny binne Israel reeds afgeskaf was. Verder spreek hy die slawe-eienaars aan op so 'n manier dat enige misbruike van die heer-slaaf-verhouding ernstig veroordeel word. Ook blyk dit uit sy brief aan Filemon dat hy vir die Christelike gemeenskap vra dat vrylating van 'n slaaf oorweeg word en dat ten minste die verhoudings broederlik behoort te wees.

Dit is dus duidelik dat Paulus se voorskrifte nie as 'n gebod om slawe te *hê* verstaan moet word nie. Inteendeel, sy uitsprake wys in 'n ander rigting. Maar beteken dit dat Paulus se uitsprake sonder betekenis geraak het omdat dit op daardie historiese situasie gemik was en omdat individuele slawerny vandag nie meer voorkom nie? Nee. Dat die apostel slawe opgedra het om onderdanig te wees, is ook omdat die nuwe verhouding met God in die hemel die aardse werkverhoudinge in 'n nuwe lig plaas. Dit geld na analogie ook vir die verhouding tussen werkgewers en werkers vandag.

'n Derde voorbeeld is die sabbatsgebod. In die gebod om te rus op die sewende dag is daar 'n seremoniële aspek, wat tot 'n einde gekom het toe Christus – terwyl Hy in die graf gerus het – hierdie sewende dag voltooi het. Maar daar is ook 'n blywende element nou dat die Heiland die eerste dag van die week vir samekomste en gemeenskap en lofverheffing afgesonder het. Dit sou tog ook moeilik wees om te aanvaar dat die rusdag aan die mens ontneem is as gevolg van die Paasgebeure. Die dag kan skuif, maar die grondliggende gedagte bly dieselfde.

Daarom is dit verkeerd dat die Sondag al hoe minder as 'n rusdag geëer word en dat Sondagwerk soms maklik aanvaar word. Hierdie dag behou nog steeds die verwysingsfunksie na die komende rus wat oorbly vir die volk van God. Hebreërs 4, 9 leer ons om die rusaspek van die weeklikse dag vir 'n erediens nie te verwaarloos nie. Dit is nie 'n uitgediende en Ou-Testamentiese saak nie! Die vierde gebod oor die rusdag is, in openbarings-historiese sin, wel tydgerig maar nie tydgebonde nie. Met ander woorde, die gebod is in 'n spesifieke historiese situasie gegee, maar dit beteken nie dat sy betekenis derhalwe tot daardie tyd beperk is nie.

Die eksegeet moet deur middel van geduldige lees steeds opnuut vasstel watter elemente van 'n teksgedeelte tydgerig en watter elemente algemeen geldend is. Dit sou egter selfopgelegde leesblindheid beteken as hy a priori aanvaar dat die 'ander tyd' tot gevolg het dat alles in die Bybel tydgebonde en verouderd is.

Hierdie artikel is 'n vertaling van 'n deel van hoofstuk 2 van die boek 'Het kompas van het christendom' van dr. J. van Bruggen, uitgegee deur Kok, Kampen, 2002 (bl. 69-74). Die outeur en die uitgewer het toestemming gegee vir vertaling en publisering in Kompas. Oorname van hierdie artikel is slegs toegestaan met toestemming van die uitgewer. Die vertaling is gedoen deur dr. AJ de Visser en ds. P Nel.

OPVOEDING MET SONDEBESEF IS OPVOEDING IN GENADE (II)

JJD Baas

TEMA: CHRISTENMAN

In die vorige artikel het ons 'n begin kyk na sonde en skuldbesef wat deel is van opvoeding. Ons het gesien dat 'n kind tot en met sy kleuterjare nog nie 'n skuldbesef het nie, maar net reëls nakom, omdat hulle daardeur die ouer se goedkeuring verwerf. Kom ons kyk nou verder na die verdere ontwikkelingsfases van die kind en hoe dit 'n invloed het op ons manier van opvoeding.

DIE JONG LAERSKOOLKIND

Op hierdie stadium kry die kind al meer 'n besef van reëls. Dit mag nie en dit mag wel. So kry die kind geleidelik meer kennis van die reëls wat die Here gegee het. Jy leer dan vir die kind om dit ook toe te pas. Jy kan die kind ook daarop wys: "Die Here hou nie daarvan as jy lieg nie." Hulle kan op hierdie stadium ook die reëls konsekwent deurtrek. Dis swart of wit. Grys area's bestaan nie. Hulle kan nog nie relativeer nie. Dit beteken dan dat die kind stadigaan 'n besef kry van skuld voor God. Hy kan dan bang word vir die Here: "Hou die Here nie meer van my nie? Hy is seker kwaad vir my?". Deur sulke gevalle kry 'n mens dan die perfekte geleentheid om vir die kind te vertel van die betekenis van die kruis waaraan Jesus Christus gesterf het, vir jou en jou kind. "Die Here Jesus het vir al ons sondes betaal, vir myne en joune. Hy was self ook ses, sewe, agt, nege jaar oud gewees. Hy weet dus hoe dit voel om so oud soos jy te wees. Maar Hy het nooit sondes gedoen nie. Daarom kan jy vir hom vergewing vra vir jou sondes. Hy verstaan jou en Hy vergewe dit ook. Hy het dit Self belowe". Jy kan dit in hierdie stadium nie genoeg vir jou kind sê nie. Gebruik dus die geleenthede wat jy kry. Jy kan dit ook aan die hand van Bybelverhale doen. Jy kan daardeur God se grootheid, liefde en vergewing vir die kind wys. 'n Paar Bybelverhale wat vergewing baie duidelik wys: Moses het altyd baie gou kwaad geword. Tog het die Here hom gebruik om leier van die volk te word. Dawid was "'n man na God se hart". Maar hy vat wel 'n ander man se vrou en laat die man vermoor. Maar tog wou die Here hom daarvoor vergewe toe hy sy sonde en skuld aan Hom erken het. Langs die Here Jesus het 'n moordenaar aan die kruis gehang. Eers het hy nog vir die Here Jesus gespot. Maar later het hy nog tot geloof gekom. En Jesus het gesê: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees". Op hierdie ouderdom is die kontak met God meestal net op die gevoel gebaseer. Die kind kan vol oorgawe psalms sing, en so ontroerend mooi natuurlik met God in sy eie gebed praat. Laat dan ook jou eie gevoel saampraat. Dis hoekom dit ook belangrik is om nie te saaklik oor sonde en vergewing te praat nie. Sorg dat jou kind kan sien dat God regtig kwaad is oor al die sonde, maar dat Hy dit ook graag wil vergewe. Maar het jyself eintlik nog soms trane in jou oë oor al jou sondes? Is jy nog soms verwonderd oor al God se genade? As hierdie fasette sigbaar is in jou gesprek met jou kind, sal hy ook leer wat sonde en genade in jou lewe beteken.

DIE OUER LAERSKOOLKIND

Kinders van tien jaar en ouer wil graag weet hoe dinge werk. Jy kan gedurig vir hulle informasie gee, want hulle is altyd op soek daarna. Hoe werk dit en hoe werk dat? Dit geld ook vir die reëls wat jy vir die kinders wil leer. Wat vra God van ons en wat wil Hy nie hê nie en hoekom eintlik? Byvoorbeeld: Hoekom wil God nie hê dat ons steel nie?

Die kinders kan nog nie abstrak dink nie. Dus as jy verduidelik moet jy duidelike konkrete voorbeelde gebruik. In hierdie verband iets soos die volgende: Die Here weet presies wat Hy vir elke persoon gee. Dit is genoeg vir die persoon. As iemand dit dan steel, dan meng hy in met God se plan. Hy eer God nie. Hy sê eintlik: U het dit nie reg verdeel nie, dis oneerlik. En daarmee beledig hy God.

Kinders hou daarvan om stiptelik by die reëls te bly. As jy dan die reël oortree, sien hulle jou dadelik as 'n enorme sondaar. Byvoorbeeld: As die buurman nie gelowig is nie, sal die kinders sommer reguit in sy gesig sê:"Jy gaan nie hemel toe nie". As jy jou kind straf omdat jy oortuig is hy het iets verkeerd gedoen, en die kind self dink dat hy nie verkeerd was nie, dan is dit soms moeilik vir die kind om dit te aanvaar. Op hierdie stadium het die sondebesef al aansienlik ver ontwikkel. Dit vereis dan ook taktvolle Bybelse gesprekke. As jy byvoorbeeld praat oor sonde en skuld, maak dan seker dat jy ook telkens God se liefde en genade noem.

Die kind het ook op hierdie ouderdom 'n groot behoefte aan bemoediging. Jy kan by jouself opmerk dat jy aanhoudend besig is om die kind te wys op alles wat hy verkeerd doen. Daardeur kan 'n negatiewe, verkeerde beeld van God by die kind ontstaan. God is iemand wat net altyd na jou foute

kyk. Hy skryf al jou sondes op en vergeet dit nooit nie, en later by die finale oordeel, dan gaan jy dit hoor! As die kind se beeld van God só lyk, beteken dit dat jy dan juis baie oor God se genade met hom moet praat en dat jy self ook hier-die genade en liefde in jou eie dade moet wys. Vir kinders (en onsself ook!) is dit nodig, vir die beeld-vorming van God, dat komplimente ongeveer eweredig afgewissel word met opmerkings oor hoe iets dalk beter gedoen kan word. Gaan kyk hoeveel komplimente jy per dag vir jou kind gee, teenoor die hoeveel-heid negatiewe opmerkings.

'n Kind van twaalf jaar oud kan ook soms net sommer paniekerig raak. In die middel van die nag kan hy langs jou bed staan: "Ek kan nie slaap nie, want ek is so bang. Ek is te sondig vir God. Ek dink ek gaan hel toe!". Dan mag jy langs jou kind staan, letterlik en figuurlik, jou arm op sy skouers sit en hom troos: "Dit is so dat ons sondig is, pappa en mamma ook. Daar is net een oplossing: die Here Jesus. As ons Hom nie geken het nie …"

Die diepte van die genade is vir ons almal moeilik om te verstaan. Diep in ons hart wil ons dit eintlik nie aanvaar nie. Al vandat ons twee jaar oud is roep ons: "Ek wil self!" en ons hou nie daarvan om afhank-lik te wees nie. As jy vir 'n gemiddelde graad 6 leerder vra: "Hoe kan jy in die hemel kom?", sal die deursnee kind antwoord "Deur God se gebooie te onderhou". Dan kan die vraag ontstaan of ons wel genoeg aandag gee aan die genade van God, in plaas daarvan om altyd te fokus op die *moet*-aspek.

PUBERTEIT

Die puberteit is die tyd van baie onsekerheid en twyfel in die lewe van 'n jongmens. Dit is ook so met betrekking tot God se genade en vergewingsgesindheid. Wat mag, en wat nie? Jou kind wil homself word. Tot nou toe het jy, as opvoeder, leiding geneem. 'n Kind moet deur al die lewensvrae kruip, om dit sy eie te maak. Iets is nie

meer so omdat jy so sê nie. Dit kan soms baie sorge by jou oplewer. Soms is jy, as ouer, 'n bietjie wanhopig. Hoe kan dit ooit op die ou end goed gaan?

Watter rol speel die opvoeder in hierdie periode? Die rol het nie minder belangrik geword nie. Hulle het jou nog baie nodig, want hulle wil hulself aan jou meet. Hulle toets jou mening uit, en verset hulle dan geweldig daarteen. Hulle noem jou "outyds. "Julle stam uit 'n vorige era. "Julle verstaan niks nie!"

Maar as jy dan jou kind 'n uur later hoor praat met sy vriende, dan ver-dedig hy jou mening vol oorgawe. In hierdie periode ontwikkel jou kind ook liggaamlik. Die seksuele bewussyn groei. Dan kom self-bevrediging oftewel masturbasie in beeld. Dit kan in die puberteit lei tot enorme skuldbesef. Hulle voel asof hulle faal teenoor God. Ek wou nie, en tog het dit weer gebeur. Dit vereis aandag van die opvoeder. Maar ook 'n standpuntbepaling. Wat is jou opinie oor self-bevrediging? Wat sê die Bybel daaroor? In elk geval moet jy as opvoeder die eindelose genade van God daarteenoor stel. Hoe baie keer het jyself nie ook in hierdie gat geval nie, en hoeveel sondig jy nie teen dieselfde gebod nie? Genade is 'n belangrike sleutel-woord in die opvoedingsgesprek met jou tiener.

Namate die kind ouer word, vereis hy ook al hoe meer ruimte in sy lewe. 'n Kind van ongeveer vyftien jaar oud is al so ontwikkel dat hy sy eie mening kan vorm. Hy kan sodanig afstand neem van iemand anders se mening, dat hy dan self daaruit sy eie konklusie kan trek. Dieselfde geld ook vir sy houding teenoor God se reëls. Jou kind sien al hoe meer die verband tussen die gebooie raak. Andersyds bly hy nog steeds 'n behoefte hou aan jou voorbeeld. Veral die voorbeeld van jou as sondaar wat slegs deur die genade van God gered kan word. Dit is dan juis so mooi: Die een sondaar voed die ander son-daar op. Hulle leer mekaar: net deur genade word jy salig! Kinders leer dit eers op hierdie ouderdom ervaar. Daar kan ook 'n enorme geloofsentoesiasme ontstaan. Jy sien hulle dan byvoorbeeld "mal gaan" in 'n gospelkoor. Of hulle sit alles in vir 'n bietjie liefdadigheids-werk. Hulle kan hewig diskusseer oor reg en onreg in die wêreld. Dit is pragtig om sulke goed by jou kind te sien!

TEN SLOTTE

Opvoed met sondebesef is 'n be-langrike onderdeel van die opvoe-ding. Dit vereis eerlikheid van die opvoeders. Dit beteken: Laat jou-self elke keer weer aan die voet van die kruis vul met die liefde van Christus. Opvoeding met sonde-besef vereis nie populêre "cool" ouers nie, maar 'n pa en 'n ma wat bereid is om op hul knieë te gaan, en dan nie net vir die idee nie. Want dit sien kinders dadelik. Dit moet wees omdat jy nie anders kan as om op jou knieë neer te buig vir God nie. Dít *proe* kinders. As jou kind deur die Gees van God die gevoel van genade gesmaak het, dan is julle saam ryk. Die gelykenis uit Mattheüs 18:21-35 wys hoe dit werk. 'n Man met 'n onbetaalbare skuld gaan alles wat hy het, verloor. Maar dan blyk die genade van die skuldeiser: Hy word vrygespreek! Ongelooflik. Die groot skuld is weg. As jy as opvoeder dít besef, dan mag dit die res van jou lewe bepaal.

Hoe kan jy dan die sondebesef weglaat uit die opvoeding? Jou kind sal nie weet wat genade is nie. Want dit is opvoeding met sondebesef feitlik: opvoeding in genade! ¤

DIE VREDE WAT GEWEN MOET WORD

A Roos

INTERNASIONAAL

Die militêre slaankrag van die koalisiemagte was indrukwekkend. Die presisie van die bombardemente het oortuigend gewys dat oorloë nie meer in loopgrawe plaas vind nie, maar in 'n groot mate deur rekenaars beheer word. Net so het die tegniese vermoë van die media om die oorlog via persfoto's en TV tot in ons huiskamers te bring beïndruk. Weereens het ons gesien dat 'n oorlog wreed is en niks en niemand ontsien nie.

Die vraag of die oorlog in Irak 'n regverdige oorlog was het alreeds eerder in Kompas aandag geniet. Of die rede vir die oorlog, *casus belli*, geldig was moet nog beantwoord word.

Die Bush-administrasie het gepraat van 'n sg. as van boosheid (axis of evil) wat veronderstel was om te loop vanaf Bin Laden tot Hoessein. Boonop sou Irak wapens van massa-vernietiging gehad het en as sodanig 'n bedreiging vir die wêreldvrede wees.

In die derde plek het Irak 'n tirannieke regering gehad waar min ruimte vir algemeen aanvaarde menslike vryhede was. Lugubere vondste in Irak na staking van die vyandelikhede dui daarop dat Hoessein se regering 'n wrede regering was.

Die debat of dit 'n regverdige oorlog was sal nog vir 'n lang tyd aanhou. Noudat die oorlogsmasjinerie tot rus gekom het, ontstaan die vraag of hierdie operasie 'n sukses was. Op die eerste gesig lyk dit so, die koalisiemagte het gewen, die Irakse weermag is tot niet, Hoessein is nie meer in beheer nie en die Irakse volk het sy vryheid herwin.

HOE VERDER?

Ongelukkig is dit nie so eenvoudig nie, want 'n paar sake bly onopgelos. Wapens van massa-vernietiging is nie gevind nie en mnr. Saddam Hoessein is spoorloos. Niemand weet of hy nog in lewe is of waar hy, met sy metgeselle, hom bevind nie. Die Verenigde State het lyste uitgereik van verdagte persone wat hulle graag wil ondervra i.v.m. biologiese en kernwapens en tot verantwoording wil roep i.v.m. wreedhede onder die tirannieke bewind van die Ba'ath party.

Net 'n handjievol, waaronder mnre. Taziz, adjunk-president van Irak, Imad Hoessein al-Ami, leier van die senugas-program, en Amir al-Saadi, hoof wetenskaplike raadgewer, het hulle oorgegee of is gevange geneem. So ver, sonder tasbare resultaat. Ook is die "as van boosheid" verre van vernietig soos uit die onlangse ontploffing in Riaad, wat al die kentekens van Bin Laden se Al-Kaïda organisasie dra, blyk.

Die grootste probleem is egter om die vakuum, wat met die verdwyning van mnr. Hoessein ontstaan het, te vul met 'n sinvolle regering wat stabiliteit in die Midde-Ooste sal bring. Die regering van mnr. Bush het hom verbind tot 'n regering "deur die Irakse volk en vir die Irakse volk". Wat hy in gedagte het is nie heeltemal duidelik nie. Hy sal bewus wees daarvan dat Irak geen demokrasie, soos dit in die Weste beoefen word, ken nie. Van 'n bevolking van ongeveer 19 miljoen is ongeveer 77% Arabiere en 17% Koerde. Van die totale bevolking is 96% Moslem, terwyl minder as 1% as Christene gereken kan word (die sg. Assiriërs).

'n Amerikaanse tenk in Bagdad

In 'n oorwegend Islamitiese samelewing is die skeiding tussen kerk en staat nie heeltemal duidelik nie in dié sin dat hulle glo dat religie, wetgewing, handel en politieke beleid onafskeibaar is.

Mohammed se goddelike openbaringe is vervat in die Koran. Saam met sy nie-geïnspireerde uitsprake, die sg. Hadiet, bepaal dit die gedragskode van die Moslem. In hoeverre dit 'n op Westerse lees geskoeide demokrasie kan akkommodeer is twyfelagtig.

SOENNIETE EN SJIÏETE

Dit sou 'n vergissing wees om te dink dat die Moslembevolking in Irak homogeen sou wees.

'n Skeuring het ontstaan in die Islamitiese religie toe die opvolging van Mohammed by sy afsterwe in AD 632 ter sprake gekom het. Dit was 'n saak van die uiterste belang in die lig van die sg. eerste pilaar van die Islam, nl. "Daar is geen ander god as God nie, en Mohammed is die profeet van God". Aan wie kom die profetemantel toe? Wie sou die geestelike leier (kalief) van die Mohammedane word?

Hier het die splitsing in die Mohammedanisme ontstaan, nie op grond van doktrine nie, maar op grond van gesag. Een faksie het geglo dat opvolging deur middel van 'n verkiesing moes plaas vind (Soenniete) terwyl die ander faksie ten gunste was van die aanwys van 'n kalief uit die nageslag van Mohammed (Sjiïete). Hierdie tweespalt het gelei tot 'n bloedige oorlog in AD 657 waar die Soenniete die pleit gewen het. Sedert daardie splitsing sit Mohammedane nie meer om dieselfde tafel nie. Soveel so dat tydens 'n onlangse vergade-

ring in die Midde-Ooste 'n Soennietiese afgevaardigde beweer het dat 'n Sjiïet eintlik nie 'n Moslem is nie. Betrokke afgevaardigde het getalsmatig die gelyk aan sy kant gehad in dié sin dat 90% van alle Moslems Soenniete is (onge-veer een miljard teenoor 170 miljoen Sjiïete).

Na skatting is 60% van die Irakse bevolking Sjiïete. Tydens die bewind van Hoesse in se sekulêre Ba'ath party het hulle swaar geleef en is verdruk.

'n POLITIEKE LEGKAART

Irak moet tans herbou word, nie net in materiële sin nie, maar ook veral in politieke opsig.

In die eerste plek moet rekening gehou word met die religieuse situasie in Irak. Gaan ons 'n fundamentalistiese Islam-administrasie kry of 'n meer gesekulariseerde owerheid na Westerse voorbeeld? Alreeds begin die kontoere hom afteken van 'n magstryd tussen Soenniete en Sjiïete met die koms van 'n Sjiïtiese ajatolla uit Iran, Ahmad Chalabi, van die Irakse Nasionale Kongres, wat jare in ballingskap geleef het.

Nie net moet die religieuse toestand in ag geneem word nie, maar ook die bevolkingsamestelling. Behalwe die Irakse Arabiere, wat religieus verdeel is, moet ook deeglik rekening gehou word met die vier miljoen Koerde, 'n trotse en krygshaftige volk wie se geskiedenis teruggaan tot 3000 vC. Hulle bewoon 'n bergagtige gebied wat strek van Sirië en Turkye deur Irak en Iran tot by Azerbeidjan.

Hulle lojaliteit is deurentyd verdeel tussen Irak en Iran. In die periode na die Tweede Wêreldoorlog was hulle ten volle geakkommodeer in die toenmalige vorstedom van Irak met erkenning van hul eie taal en kultuur. Selfs universiteite in Irak het Koerdiese departemente geken.

Teen 1960 het 'n ommekeer gekom. In 'n poging om Koerdiese invloed te neutraliseer het 'n vorm van "arabisering" plaasgevind. Koerdiese regte is herroep, Koerde is uit hulle woongebiede verplaas na ander gebiede terwyl Irakese verplaas is na Koerdiese woongebiede.

Gesteun deur Iran, wat wapens gelewer het, het die weerstand teen die "arabiseringsproses" toegeneem, maar is uiteindelik in 1975 deur die regering van Irak (waar Saddam Hoessein vise-president was) gesmoor.

In 1979 het Ajatolla Khomeini die Sjah onttroon waarop die Iran/Irak oorlog in 1980 gevolg het. In daardie oorlog het die Koerde die Iraniërs gesteun. As vergelding het Irak in 'n wrede aksie chemiese wapens teen die Koerde gebruik. Na raming het 200 000 Koerde hul lewe verloor terwyl talle Koerdiese dorpe totaal verwoes is.

Hierdie kort oorsig is belangrik om in te sien dat by die normalisasie van Irak ook die Koerde graag 'n rekening sal wil vereffen.

'n Verdere komplikasie in die normalisasie-proses is die belang wat omliggende lande het in die stabiliteit van Irak. Aan die voormalige VSA-generaal Jay Garner, wat deur die koalisiemagte aangestel is om 'n regering in Irak weer op die been te bring, is voorgestel om 'n sogenaamde "twee plus ses" beraad te hou. Deelnemers is die twee koalisielande, die VSA en Groot Brittanje, plus die ses omliggende lande, te wete Iran, Turkye, Saoedi Arabië, Sirië, Jordanië en Koeweit.

Verder, kommersiële belange van die Weste in die vorm van olie sal ongetwyfeld 'n belangrike rol speel in die vredesproses. Die daarmee gepaardgaande "verwestering" van Irak sal op weerstand van die Moslem gemeenskap stuit. 'n Botsing van kulture, die harde kapitalisme van die Weste teen die net so harde fundamentalisme van Oosterse Islam, sal nouliks vermy kan word.

Om die vrede te wen is 'n perd van 'n totaal ander kleur as om 'n oorlog te wen. Sake lyk vir die koalisie vennote nie te goed nie.¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

'n Boek wat in Vryg. Geref. Nederland 'n redelike hoeveelheid stof opgeskop het, is 'WOORD OP SCHRIFT" onder redaksie van C Trimp met medewerking van ALTh de Bruijne, JJT Doedens en B Kamphuis. Die ondertitel is 'Theologische reflecties over het gezag van de Bijbel'. Hoe het Bybelboeke ontstaan? Hoekom het dié boeke gesag? Aan watter reëls moet betroubare uitleg van die Bybel voldoen? Die gedeelte wat in die pers die meeste aandag gekry het, is die referaat van Drs De Bruijne oor die aandag wat volgens hom in groter mate aan die hermeneutiek gegee moet word. Daar moet meer van die moontlikheid om gedeeltes van die Skrif metafories te beskou, gebruik gemaak word. Hy bestry wel dr Loonstra se sterk neiging om ele-mente uit Bybelse verhale nie as geskiedskrywing maar as metafore te beskou – maar hy is ook van mening dat in die Bybelsgefundeerde etiek baie van metafore gebruik gemaak word. R145. 238 bls.

Nog nie in voorraad nie, maar wel alreeds bestel: HET KOMPAS VAN HET CHRISTENDOM' deur prof Jakob van Bruggen. Dit is 'n samevoeging en uitbreiding van twee vroeëre boeke uit sy hand: Hoe lezen wij de Bijbel en Het ontstaan van de Bijbel.

Nog 'n keer aandag vir die vraeboekie, saamgestel deur Ds FJ Bijzet, wat 'n samevatting is van die twee boeke 'Tussen Doop en Nagmaal'. Die titel is 'WEGWYSER – 18 lesse vir Belydeniskatkisante'. Die prys is slegs R10

GODSDIENS IN SKOLE: DIE REGSPOSISIE

Inge de Visser

ONDERWYS

Die regering se voorgestelde beleidsdokument oor godsdiensonderrig op skool was die afgelope tyd in die kollig. Die voorstelle word verskillend geïnterpreteer. Volgens sommige waarnemers is dit 'n doelbewuste poging om (Christelike) godsdiens uit die staatskole te verwyder. Volgens ander is dit glad nie so ernstig nie, en weerspieël die voorstelle maar net die regering se "naïewe idee" dat godsdiensonderrig neutraal en objektief aangebied kan word. Daar het ook kommentaar van 'n regskundige kant gekom. Die vraag word gestel of minister Asmal se voorstelle nie dalk strydig met die grondwet is nie. In 'n interessante artikel in die Mei-uitgawe van 'Lig', gesinstydskrif van die NG Kerk, gee prof Rassie Malherbe (fakulteit Regsgeleerdheid RAU) kommentaar oor die regsaspekte van die saak. Ons haal uit sy artikel aan:

"*Die voorgestelde godsdiensbeleid van die Departement van Onderwys gaan veral oor twee sake:*

Eerstens beoog dit die instelling van 'n formele kursus in godsdiens(te) waarin leerders oor godsdiens en verskillende godsdienste **onderrig** *sal ontvang. Tweedens bepaal die beleid dat godsdiensbeoefening (Skriflesing, gebed, lofprysing en Bybelonderrig) net buite die formele aktiwiteite van 'n openbare skool mag geskied en nie deel mag vorm van* ***die*** **formele** *kurrikulum, onderrig of aktiwiteite van die skool nie.*"

GODSDIENSONDERRIG

"Wat is die regsposisie in verband met godsdiens in skole en is die voorstelle van die departement wettig? Artikel 15 van die Grondwet waarborg godsdiensvryheid as 'n fundamentele reg van elke mens. Dit beteken dat elkeen *die reg* het om self te besluit wat hulle glo (of nie glo nie) en hoe hulle dit uitleef en beoefen, ook saam met ander. (…) Ouers het die reg *om toe te sien dat kinders ooreenkomstig hulle geloofsoortuigings opgevoed word. Artikel 15(2) asook die Suid-Afrikaanse skolewet bepaal verder uitdruklik dat godsdiensbeoefening in staats- en staatsondersteunde instellings soos staatskantore, skole en hospitale mag plaasvind, solank dit volgens die betrokke instelling se reëls en op 'n vrye, vrywillige en billike grondslag geskied. Artikel 15 sê dus eintlik vir ons: niemand mag jou verbied om jou hoof te buig en te bid nie, ook nie in 'n skool nie.*

GODSDIENSBEOEFENING

Artikel 15 lê op onderwysowerhede en openbare skole die plig om toe te sien dat die reg op godsdiensvryheid eerbiedig, beskerm en bevorder word. Dit beteken die volgende: Openbare skole moet eerstens seker maak dat hulle reëls oor **godsdiensbeoefening** die reg op godsdiensvryheid inderdaad eerbiedig en beskerm. Billike ruimte moet vir leerders geskep word om hulle godsdiensoortuigings in die skool uit te leef. Godsdiensbeoefening mag dus nie verbied word nie en neutraliteit ten opsigte van godsdiens mag nie afgedwing word nie. (Die Grondwetlike Hof het uitdruklik verklaar dat die Amerikaanse benadering van neutraliteit nie in Suid-Afrika gevolg word nie.) Bywoning van godsdiensbeoefening in skole mag egter ook nie afgedwing word nie en daar mag nie teen enige godsdiens of leerder gediskrimineer word nie."

"Wat sê dit vir die Departement se voorgestelde godsdiens beleid? Daar word nie verduidelik wat "formele skoolaktiwiteite" beteken nie, maar as dit byvoorbeeld beteken dat godsdiensbeoefening gedurende skoolure verbied of tot na skoolure verskuif word, sou dit regstreeks strydig met artikel 15(2) en dus ongrondwetlik wees. Dit mag ook nie verbied word dat godsdiensbeoefening tydens saalbyeenkomste plaasvind of dat 'n skool 'n bepaalde etos onder-skryf nie. (…) *Die Departement behoort net in te gryp as 'n skool artikel 15(2) nie nakom nie.*

Die tweede plig wat artikel 15 oplê, is dat die nuwe kursus in *godsdiensopvoeding* nie godsdiensneutraliteit mag bevorder, godsdiens verkleineer, godsdiensvermenging aanmoedig of 'n bepaalde geloof aanstoot gee nie. Dit mag nie vanuit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing aangebied word nie, anders kan gesê word die staat probeer mense indoktrineer. Die leerplan mag dus nie misbruik word om wat deur die reg op godsdiensbeoefening in skole toegelaat en beskerm word, ongedaan te maak nie. Die leerplan moet dus binne die raamwerk van die reg op godsdiensvryheid aangebied word. Terselfdertyd mag niemand verbied word om die verskillende godsdienste waarvan kennis geneem word, vanuit hulle eie geloofsperspektief te beoordeel nie.

Dit sal dus van die toepassing van die nuwe godsdiensbeleid afhang of dit ongrondwetlik is of nie. Leerders en ouers behoort intussen kennis te neem van hulle godsdiensregte en behoort nie te huiwer om beswaar te maak wanneer hulle oordeel dat die beleid, of die toepassing daarvan, hulle godsdiensregte skend nie. Dit is reg dat ons kinders leer om medeburgers met ander oortuigings te respekteer, maar dit sal ongrondwetlik (en teenproduktief) wees as dit geskied ten koste van hulle reg om hulle eie oortuigings in die skool uit te leef." ¤

DIE CHRISTEN IN ’n POSTMODERNE SAMELEWING

VERSLAG

Die 24ste jaarlikse vrouesaamtrekdag is 17 Mei 2003 in die kerkgebou van die Vrye Geref. Kerk te Pretoria gehou. Mariaan Hordijk doen verslag.

Die geklank van Afrika-tromme het die vrouesaamtrekdag ingelei. Die susters van die gemeente Pretoria het die dag versorg. Die Afrika-tema van die dekor is aangevul met ’n ete van mieliepap en sous saam met gebraaide wors. Dankie vir die harde werk. Dit was lekker om bekendes te groet en begroetings van oor die hele wêreld te hoor. Die samesyn is altyd ’n integrale deel van so ’n saamtrekdag. Tog is die belangrikste om saam ’n tema te behandel en mekaar daardeur in ons geloof te versterk. Vanjaar was ons spreker die teologiese student Br Erik van Alten, wat die onderwerp “Postmodernisme” met ons behandel het. Ek gee graag ’n opsomming van sy referaat.

Voordat die spreker die postmodernisme toegelig het, het hy eers die filosofie van Descartes en van die Verligting beskryf, asook die uitwerking daarvan in die modernisme. In die modernisme is daar geweldig baie verwag van die mens met sy verstand en insigte. Hierdie hoë verwagtings is grotendeels bewaarheid. Dink maar aan ontwikkelings in die wetenskap, argitektuur en tegnologie. Dit is die eeu van die groot verhale of die goue eeu van die mensdom genoem. Mense het gereken dat sekerheid van alle dinge met die verstand verkry kan word. Die kennis is gesistematiseer in groot sisteme soos die kapitalisme, kommunisme en sosialisme. Die mens was koning! Hy was op die kruin van sy vermoëns! Maar toe kom die vrae. Besoedeling, werkloosheid a.g.v. meganisasie, verwoestende oorloë. Die modernisme was uitgedien. Die sisteme en denke het gefaal. Die waarheid was soek. Selfs God was weg! Die moderne mens het gereken dat hy met sy verstand alles kon doen, selfs met sy rede God kon “uitdink”. Helaas…

Postmodernisme is ’n reaksie op die bogenoemde modernisme. Postmodernisme is nie ’n filosofie nie maar ’n tydsgees waarin ons elke dag leef. Vyf belangrike eienskappe van die postmodernisme is toegelig.
Individualisme: As sisteme, ideologieë, die wetenskap (produkte van die verstand) en ander mense gefaal het, keer die mens terug na homself. Hy verwerp egter nou sy rede en maak gevoel die spil waarom alles draai. Wat vir my aangenaam is, doen ek. In die kerk ver-gestalt dit in dinge soos selgroepe waarby ek aansluit as ek daar tuis voel, of verskillende soorte pastoraat of verskillende tipes eredienste wat verskillende groepe moet aanspreek.
Subjektivisme: Elkeen kan nou self bepaal wat vir hom aangenaam en aanneemlik is. Individualisme lei tot subjektivisme; omdat dit net om my gaan (individualisme), sal ek voel en dink wat ek wil (subjektivisme). In die kerk kan dit bepaal hoe ek Bybel lees of hoe ek na ’n preek luister. As dit my nie persoonlik aanspreek nie, is dit nie vir my bedoel nie.
Relativisme: As elkeen voel wat hy wil, raak alles relatief. As elke persoon sy eie waarheid het, is daar nie meer een sentrale waarheid nie en is dit aanneemlik dat elkeen anders oor ’n sekere saak dink. Maar waar is die sekerheid en vaste fondament dan? Dit is nou in jouself. Jy, sondige en ellendige mens, moet nou die sekerheid in jouself gaan soek.
Uitsigloosheid: Hoe soek jy krag in iets wat bitter swak en veranderlik is? Mense raak negatief oor hulleself en oor die lewe. Postmodernisme laat die mens sterf van moedeloosheid en uitsigloosheid.
A-historisiteit: As wat ek voel bepalend is, maak net NOU saak. Die band met die toekoms word verbreek en die verlede gaan my nie nou aan nie. Ons sien dit dikwels in die manier waarop vriendskappe gesluit word. Dit word nie meer gesien as ’n standhoudende verbintenis tussen twee persone nie, maar as die vervulling van ’n onmiddellike behoefte in my lewe.

Hoe leef ons as Christene in hierdie postmoderne tyd? Twee dinge is toegelig, nl. die krag van die belydenis en die krag van die gebed.

Met betrekking tot die krag van die belydenis, is ses aspekte genoem. Eerstens is die belydenis waarheid. Teenoor die wêreld waar elkeen self mag bepaal wat waarheid is, mag ons bely dat ons DIE waarheid het vanuit God se Woord. Tweedens bind die belydenis ons saam. Terwyl individualisme hoogty vier, mag ons binne die gemeente met mekaar gemeenskap hê, ons een geloof bely. Derdens stel die belydenis grense. In ’n wêreld waar alles verdra moet word, beskerm en bewaak die belydenis ons teen dwaalleer. Vierdens hou die belydenis die gemeente rein. Ons mag mekaar aan die belydenis hou en ons lewens rig volgens God se Woord. Vyfdens bind die belydenis ons aan die verlede, want dit leer ons om terug te kyk na ons medegelowiges wat ons voorgegaan het in die een geloof. Laastens mag ons belydenis nie ’n dooie dokument wees nie, maar iets wees wat ons elke dag uitleef.

Met betrekking tot die krag van die gebed, is die volgende aspekte genoem: Ons praat met ’n Lewende God wat hom aan ons verbind het in die verbond. Verder praat ons met ’n God wat Homself geopenbaar het in sy Woord waaruit ons Hom kan leer ken. Ons moet ook onthou dat ons bid saam met die kerk van alle tye en alle plekke. Die ware gebed spreek van hoop: “Laat U koninkryk kom”, “gee ons vandag ons daaglikse brood”. Dit staan in sterk teenstelling met die uitsigloosheid van die postmoderne mens. Die bespreking oor postmodernisme is afgerond met groepsbesprekings waarin ’n aantal aktuele vrae bespreek is. Ons is dankbaar dat die Here vir sy Kerk sorg. Ons weet dat die waarheid sal seëvier.

(Verslag effens verkort – red.)